



# KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

13 November 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 8

VGK en NGK snoer saam

## Gemeentes omhels mekaar in die Karoo

MARLI VAN EEDEN

Die erediens op Touwsrivier het onlangs van opwinding gebruik by die eenwording van twee gemeentes van onderskeidelik die Nederduitse Gereformeerde en Verenigde Gereformeerde Kerk.

Lidmate op dié Karoodorp in die Wes-Kaap het geskiedenis gemaak deur slegs die tweede dorp in die land te word waar hierdie histories verdeelde susterkerke verenig. Bredasdorp in die Overberg het in 2018 dieselfde stap van eenwording geneem.

Dr Llewellyn MacMaster het die oggenddiens op Sondag 25 Oktober gelei. MacMaster, moderator van die VGK in Kaapland, het gepraat oor hoe hierdie stap die gemeenskap raak.

MacMaster het die eenwording van die twee gemeentes met 'n huwelik vergelyk. “Wanneer 'n paartjie aankondig hulle gaan in die huwelik tree, is almal nie noodwendig opgewonde nie, party familieledede of vriende is dalk skepties en wonder wat die rede vir die huwelik dan nou eintlik is ... Is dit om finansiële redes? Selsugtige redes wat net een party baat?” het MacMaster gevra. “Gaan die huwelik werk of gaan die paartjie agterkom dat hulle toe nie so *compatable* is nie,” het lidmate gehoor.

“Tog, op die dag van die troue daag almal op en sit hulle bedenkinge, twyfel en onsekerhede eenkant. Almal is opgewonde en vier saam fees. Almal wens die paartjie seën toe vir hulle pad vorentoe, en dit is presies wat ons vandag hier doen. Dit is 'n diep geloofsaak en die enigste waarborg wat julle vandag het is dat God belowe om die pad saam met julle te stap.”

Een van die dryfkragte agter die proses hier in die Karoo is ds Andrew Esterhuizen. Hy is sedert 2017 die brugpredikant by Touwsrivier. Esterhuizen glo “dekoloniserings” van kerke is nodig om die voortbestaan van gemeentes te verseker, en ou woude wat diep sit te help genees.

Die NG Kerk en die VGKSA Touwsrivier is nou amptelik een nuwe saamgevoegde gemeente in terme van die Tussenorde. Hy verduidelik: “Om deel te kon wees van hierdie proses om een gemeente te word, is wonderlik. Om te kon praat oor ons situasie, die verdeeldheid

Na bl 3



“Om olifante so te sien baljaar in die stof, is eenvoudig onbeskryflik, vertel Jeanne van Niekerk (inlas), 'n kranige fotograaf wat nou – met haar aftrede ná donkiejare by *Kerkbode* – meer tyd het vir reis en kiek. Jeanne, wat 'n bekende stem was vir *Kerkbode*-intekenaars en gehelp het om *Kerkbode* se Kersfonds deursigtig en regverdig te bestuur, vertel op bl 13 aan Conette le Roux wat sy deur haar loopbaan geleer het oor lidmate se klagtes, vreugdes en leesgewoontes.

Foto: Jeanne van Niekerk

## ‘Daai ruimte wil ons nie skep in Goudland’

LE ROUX SCHOEMAN

Bykans 'n jaar nadat gelowiges van regoor Suid-Afrika en Namibië ruimte geskep het vir verskillende standpunte in die NG Kerk oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag, is daardie besluit in die gedrang vir leraars, lidmate en kerkkrade in ten minste een van die kerkverband se tien streeksinodes.

“Waar daar ruimte geskep word in ander sinodes, wil Goudland nie daardie ruimte skep (vir selfdegeslagver-

bintensisse) nie,” het ds Johan Brink, voorsitter van dié streeksinode tydens 'n buitengewone sitting van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) verduidelik.

“Ons het die reg, as een deel van die samestellende kerke in die NG Kerk, om ons beleid te bepaal en toe te pas,” het Brink tydens 'n Zoom-vergadering tussen sowat 47 kerkleiers op Maandag 2 November gesê.

Goudland het in Oktober 'n geskil verklaar op grond van die besluit wat

die Algemene Sinode in 2019 oor selfdegeslagverbintensisse geneem het.

Nou is 'n spesiale afvaardiging volgens die Kerkorde (Funksionele Besluit 27) getaak daarmee om die aard en omvang van die konflik te gaan probeer vasstel en 'n oplossing te probeer bereik voor Maart 2021, wanneer die ASM weer byeenkom. (Laasgenoemde sal waarskynlik weer via Zoom plaasvind in lyn met die Algemene Sinode se groeiende geldspaanood met sodanige saamtrekke).

Nie almal het hoop vir 'n “fasiliteringsgesprek” as die volgende stap nie. “Wie gaan vir hierdie kostes verantwoordelik wees?” wou ds Nico van Rensburg, een van Goudland se ses stemme in die vergadering weet. “Ek vra dit in die lig daarvan dat ek persoonlik nie dink dat ons die saak uitgespraak sal kan kry nie.”

Die Goudlandleiers se stelling dat hulle “uitklaring” van die ASM ontvang het dat “die hele Algemene Sinode

Na bl 5

## NG KERK LOUWNA

### VAKATURE: LERAARSPOS

\*Jaarlikse kontrak – pos beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021\*

#### Gemeenteprofiel:

Louwna is 'n klein plattelandse gemeente (70 jaar oud), 70 km noordwes van Vryburg wat sorteer onder die Sinode van Noord-Kaap. Die gemeentesamestelling bestaan uit 88 belydende en 20 dooplidmate. Die meeste lidmate is in die landbousektor betrokke en is versprei oor die hele ouderdomspektrum.

#### Die suksesvolle kandidaat:

- ❖ Moet begrip hê vir die uitdagings van 'n klein plattelandse gemeente, waar die nodige hulpbronne nie altyd beskikbaar is nie.
- ❖ Oor die bedieningsvaardighede beskik om met alle ouderdomsgroepe te kan werk.
- ❖ Energieke motiveerder wees.
- ❖ Goeie leierskap en spanwerker sal tot u voordeel strek.
- ❖ Plaas- en huisbesoeke is 'n prioriteit.
- ❖ Vergoedingspakket – maandelikse pakket en ure sal onderhandel word soos die Kerkorde dit bepaal.
- ❖ Pastorie met gratis krag en water word voorsien.
- ❖ 'n Bakkie met dieselkaart word voorsien om reisverpligtinge na te kom.
- ❖ Stuur CV met minstens twee referente aan die skriba.
- ❖ Kandidate wat die kortlys haal moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud asook 'n proefpreek.
- ❖ Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

**Sluitingsdatum: 31 Desember 2020.**

Skriba: Wilma Joubert: ngklouwna@lantic.net (076 915 2021).  
Hoofouderling: DB de Bruin: bellevue@wam.co.za (082 864 2324).

## NG GEMEENTE SWARTRUGGENS (Dolerend)

### VAKATURE: LERAARSPOS

Die gemeente is vakant vanaf 1 Desember 2020 en nooi gelegitimeerdes van die NG Kerk uit om 'n curriculum vitae aan die kerkraad beskikbaar te stel. Aansoeke kan per e-pos aan die kantoor gestuur word voor of op 8 Januarie 2021. Minstens drie verwysings word verlang. Die moontlikheid van 'n onderhoud is nie uitgesluit nie.

#### GEMEENTEPROFIEL:

Ons is 'n plattelandse gemeente met 'n deursnee van ongeveer 120 km op sy langste as. Tans 401 belydende en 58 dooplidmate. Ons het ook 'n aftree-oord op die kerkterrein.

#### GEMEENTEBOUPROSES:

Bestaansdoel: Ons is God se mense wat Hom verheerlik en vir mekaar omgee en hulp en hoop in ons omgewing bring. Binne die ruimte van die Kerkorde Artikel 9 is ons erediens, pastorale, sieke- en huisbesoek vir ons belangrik. Ons erediens is meer tradisioneel gereformeerd, en tog ook hartlik en dinamies. 'n Leraar moet 'n passie hê vir die plattelandse bediening.

#### OMGEWINGSPROFIEL:

Swartruggens is 'n plattelandse dorp geleë op die N4, 60 km vanaf Rustenburg. Die hoof ekonomiese aktiwiteite wentel om bees-, wildboerdery, mynbou, leigroewe en besigheidsektore. Die dorp beskik oor die noodsaaklike infrastruktuur, kleuterskole en 'n skool wat leerders vanaf gr 1 – gr 12 akkommodeer. Hier is ook 'n tehuis vir bejaardes, 'n kliniek en dokters op die dorp.

#### VERGOEDING:

Die gemeente beskik oor 'n ruim en gerieflike pastorie op die kerkterrein, wat bewoon moet word. Ons bied 'n traktement en reiskoste aan volgens meriete en sinodale riglyne.

#### NAVRAE EN KONTAKBESONDERHEDE:

Pre-Advieskommissie:  
E-pos: swartruggensngk@lantic.net  
Tel en faks: 014 544 0201  
Louis Visser 076 350 4010  
Danie Dreyer 082 373 4360  
Ras Myburgh 082 923 3016  
Dr Riaz Loots 079 497 2865

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 8 Januarie 2021.**

## NG GEMEENTE LUCKHOFF

### Vakature: Deeltydse leraar in vastetermynpos

**Gemeenteprofiel:** Luckhoff NG-gemeente is 'n plattelandse gemeente en 80% van die gemeentelede kom uit die boerderygemeenskap. Dit is 'n baie vernuwendende gemeente wat basies heeltemal weg beweeg het van die "tradisionele" manier van doen van die stoere dae. Lofprysing en aanbidding vorm 'n groot deel van die erediens en daar word ook 'n sterk fokus op jeugbediening geplaas. 'n Groot gedeelte van die gemeentelede is jongmense wat tans nie genoegsaam by gemeente-aktiwiteite inskakel nie.

#### Leraarprofiel:

1. 'n Emeritusleraar wat nog jonk van liggaam en gees is en kans sien om 'n gemeente wat tans op 'n laagtepunt verkeer, weer op te tel en gemotiveerd te kry om aan gemeen te-aktiwiteite en erediensdele deel te neem.
2. 'n Leraar wat 'n dinamiese prediker is en dit kan regkry om deur sy geestelike bediening en verkondiging van die Woord, die gemeentelede weer "lus" te maak om erediensdele by te woon.
3. 'n Leraar wat die jeug op 'n besonderse manier by erediensdele sal betrek.
4. 'n Leraar wat 'n MENS-mens is en ook ondersteuning op pastorale vlak sal bied.

#### Pligte:

1. Aanbied van erediensdele op Sondae.
2. Een dag per week beskikbaar te wees vir huisbesoeke en pastorale dienste.
3. Die hou van bidure in die onderskeie wyke elke 2de maand.
4. Hospitaalbesoeke in die buurstedes.
5. Beskikbaar wees vir begrafnisse en huwelikseremonies sou die families dit so verkies.

#### Vergoeding en voordele:

1. Maandelikse salaris onderhandelbaar, met sinodale skaal as riglyn.
2. Geen verblyf, slegs oornagteriewe beskikbaar.
3. Nie pensioendraend.
4. Geen medies.
5. Reis en selfoontoelaag addisioneel betaalbaar.

**Aansoek:** Kort CV kan gestuur word na jpdup@vodamail.co.za. Spesifiseer waarom u by ons gemeente sal inpas en hoe u aan die leraarprofiel voldoen. U moet ook bereid wees om na Luckhoff te reis vir 'n onderhoud en om 'n proefpreek te lewer, sou u die kortlys haal.

**Dienstermy:** 12 Maande met moontlike verlenging na 18 maande.

**Sluitingsdatum vir aansoek: 30 November 2020.**

**Diansaanvaarding:** Middel tot einde Januarie 2021.

#### Navrae:

Doepie du Plessis. Sel: 082 576 5150. E-pos: jpdup@vodamail.co.za  
Klaas Viljoen. Sel: 082 411 3575.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

## NG GEMEENTE NORKEMPARK

### VAKATURE: DEELTYDSE VASTETERMYNPREDIKANTSPOS VIR TWEE JAAR (1 JANUARIE 2021 – 31 DESEMBER 2022)

#### GEMEENTEPROFIEL:

NG Gemeente Norkempark is geleë in een van die woonbuurtes in Kemptonpark, Gauteng. Die gemeente bestaan uit ongeveer 265 belydende en 20 dooplidmate. Ons ressorteer binne die Ring van Birchleigh in die Hoëveld Sinode. Die oorgrote meerderheid van die lidmate is ouer as 50 jaar.

#### LERAARPROFIEL EN VEREISTES:

Die leraar se pligte sal streng verband hou met Artikel 9 van die Kerkorde van die NG Kerk. In die lig van die gemeenteprofiel sal 'n ouer predikant dalk meer tuis voel hier, maar enigeen kan aansoek doen. Die volgende eienskappe is noodsaaklik:

- Uiteraard moet dit iemand wees met 'n lewende verhouding met die Here Jesus.
- Baie goeie menseverhoudings.
- 'n Empatiese lewenshouding en 'n pastorale hart.
- Iemand wat die prediking van die Woord as baie belangrik beskou en wat moeite doen met preekvoorbereiding.
- Iemand wat lief is vir mense en daarvan hou om na hulle uit te reik.
- Spesiale aandag aan ouer mense en nuwe intrekkers is belangrik.
- Rekenaarvaardigheid sal in die aansoeker se guns tel.

#### VERGOEDING:

Belangstellendes kan die skriba kontak vir meer besonderhede rondom die vergoeding.

#### AANSOEKE:

Aansoeke kan gerig word aan die skriba per e-pos: ngnorkem@lantic.net 'n volledige CV met twee verwysings (referente) asook twee getuigskrifte nie ouer as ses maande nie.

**Sluitingsdatum vir aansoek is 18 November 2020.**

Aanvangsdatum van die pos: 1 Januarie 2021 of so gou moontlik daarna.

#### KONTAKBESONDERHEDE:

Admin: ngnorkem@lantic.net  
Telefoonnommer: 011 972 2364  
Selfoonnommer skriba (Liezl): 083 233 7990  
Selfoonnommer huidige leraar (Christo): 083 331 0215

*Die kerkraad is nie verplig om 'n aanstelling te maak nie.*

# Wye reaksie op pous oor gay-regte

LEOPOLD SCHOLTZ

“**A**ardbewing”. Dit is die begrip waarmee pous Franciskus se jongste uitspraak oor burgerlike verbintenisse tussen homoseksuele lewensmaats deur die amptelike webwerf van die Katolieke Kerk in Duitsland beskryf word. Dit het wyd uiteenlopende reaksie vanoor die hele wêreld – positief én negatief – ontlok.

Die pous het gepraat in ’n dokumentêre televisieprogram, *Francesco*. In ’n uitspraak van sowat 20 sekondes sê hy: “Homoseksuele mense het die reg om in ’n gesin te wees. Hulle is kinders van God en het ’n reg op ’n gesin. Niemand mag uitgegooi word of ellendig daarvoor gemaak word nie. Wat ons moet hê, is ’n burgerlike verbintenis – op dié manier word hulle regtens gedek. Ek het dit gesteun.”

Dit is nie die eerste keer dat Franciskus begrip vir homoseksuele mense toon nie. Reeds in 2010 het hy as kardinaal Mario Bergoglio van Buenos Aires in dié rigting gepraat.

Die pous se standpunt is nie bepalend vir dié van die sterk verdeelde NG Kerk nie. Maar dit wys wel dat iets in die breë Christelike wêreld aan die verander is.

Dit is belangrik om te bepaal wat die

pous se uitspraak nie is nie. Dit is nie ’n amptelike repudiëring van die Katolieke standpunt dat ’n huwelik slêgs vir ’n man en ’n vrou bedoel is nie.

Franciskus sê immers nie homoseksuele huwelike is in orde nie. Dit kom neer op ’n kompromis: Hy vind burgerlike verbintenisse (in die praktyk huwelike wat voor die wet gesluit is, maar nie deur die kerk geseën word nie) wel in orde.

Tog is dit ’n duidelike ontwikkeling. So kort gelede nog as 2003 het die Kongregasie vir die Geloofsleer (die afdeling van die kerkbestuur wat die Kerk se leerstellings moet opstel) onomwonde bepaal dat homoseksuele huwelike onbybels is. Politici se steun daarvoor is “ernstig immoreel” genoem.

Uit die konserwatiewe vleuel van die Kerk is die pous se standpunt veroordeel. Een van Franciskus se skerpste kritici, kardinaal Raymond Burke van Amerika, het die pous se opmerkings bestempel as “in teenstelling tot die leer van die Heilige Skrif en Heilige Tradisie. Hulle skep verwarring en foute rakende die Kerk se leer by mense van goeie wil”, en is nie bindend vir Katolieke nie.

Die hoof van die Kongregasie vir die Geloofsleer, kardinaal Gerhard Ludwig Müller, was effens minder fel: “Die be-

paalde uitspraak was suiwer persoonlik van aard, iets wat elke Katoliek vrymoedig kan en moet teenspreek.”

Daarteenoor het Human Rights Watch dit verwelkom. Die standpunt sal voordelig wees vir homoseksuele mense se regte in lande soos Pole en die Filippyne, Katolieke lande waar homoseksuele weens hulle aard vervolgd word, het die organisasie gesê.

Die Nederlandse Protestantse dagblad *Trouw* het in ’n ontleding geskryf die uitspraak het “veral pastorale betekenis” in die lig van die feit dat homoseksuele regte ook in ander lande – Rusland, Uganda, Kenia, ensovoorts – vertrap word.

En die Duitse koerant *Der Tagespiegel* skryf: “Wat word dit: ’n Reformasie? ’n Revolusie? In elk geval tree die Lutherse aard – hy was tog ook ’n Katolieke monnik – in dié pous steeds duideliker na vore ... Van agter dié woorde kom sy kerk nie meer te voorskyn nie ... die Vatikaan kom in die 21ste eeu aan.”

Die amptelike webwerf van die Duitse Katolieke Kerk skryf eweneens: “Dat nou ook ’n kerkvors dit doen [homoseksuele verbintenisse goedkeur], is teen die agtergrond van wat die Kerk oor sulke verbintenisse in die algemeen en homoseksualiteit in die algemeen

leer, ’n sensasie.”

Die webwerf haal die Katolieke teoloog prof Martin Lintner van Brixen in Suid-Tirol aan: “Franciskus beoordeel die mense nie meer slegs op grond van die [kerklike] leer nie. Luidens die pous se boek oor gesinsliefde, *Amoris Laetitia*,” sê Lintner, “gaan dit daarom om te sien hoe die mens, wat in sy lewenswerklikheid vasgevang is, probeer om volgens eer en gewete sy lewe vorm te gee – en dat dit nie bloot daaruit bestaan om norme na te leef nie. Dit betref alle mense – ook dié met ’n homoseksuele oriëntering.”

En prof Francis Clooney, teoloog aan die Harvard-Universiteit, het daarop gewys dat Franciskus hiermee die retoriek ondermyn het dat “om gay te wees ’n ernstige afwyking is en om ’n gay-verbintenis te hê iets is wat God afkeur”.

Dit staan te besien hoe die pous se standpunt die debat in Protestantse kringe gaan beïnvloed. In die NG Kerk, kan aangeneem word, sal dit min of meer dieselfde pad as elders in die wêreld volg: Goedkeuring by diegene wat die liefdesgebod eerste stel en teologiese suiwerheid by die konserwatiewe vleuel.

► *Dr Leopold Scholtz is ’n vryskut-joernalis wat in Nederland woon.*

Van bl 1

tussen die twee kerke en die verlange van beide kante om saam te wees en een te wees het gelei tot talle noemenswaardige besluite. Ons almal dien die Here, en nou kan ons almal Hom saam dien.”

Ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die NG Kerk, was ook een van die gaste teenwoordig en het sy seënwense aan die gemeente oorgedra. Janse van Rensburg het beaam dié

eenwording is ’n betekenisvolle stap wat die weg baan vir ander kerke, tog sal niemand baat as dit slegs struktureel is nie.

“Eenwording en eenheid gaan nie net daarvoor om ou strukture af te breek en bymekaar te kom nie. Die lede van die gemeente moet mekaar ook vind. Vind mekaar se menslikheid in Christus en verstaan dat ons in Christus regtig een is. Hoewel ons uiteenlopend is, word ons een wanneer ons getrou saam met Christus loop.

“Ons staan julle by en ondersteun julle. Ons droom saam met julle.”

Ds Arné Leuvennink, predikant van die Saamgevoegde Gemeente Bredasdorp, het die Touwsrivier-gemeenskap geloof vir hulle toewyding. “Eenheid is alleen moontlik wanneer ons met mekaar versoen. Mekaar leer ken, en mekaar leer lief kry as mekaar se broers en susters. Ek los julle met Judas se eerste vers: ‘My gebed is dat die sluise van God se onverdiende goedheid, sy hemelse vrede en sy liefde voluit oor julle lewe oopgetrek sal word.’”

Die susterkerke is destyds op grond van ras geskei. Namate plattelandse dorpe al meer met uitdagings soos verstedeliking sukkel, het die behoefte aan eenwording al groter geword. Die proses vir hierdie twee kerke om een te word het egter nie oornag gebeur nie en die proses om die bal ook kerkregtelik aan die rol te kry, het reeds drie jaar gelede begin.

Hoewel party gemeentede erken het dat hulle onseker is oor die volhoubaarheid van dié besluit, is hulle tog versigtig optimisties, en glo hulle dit is nodig. Ander gemeentede is weer vol hoop en opgewonde oor wat hierdie nuwe hoofstuk inhoud.

“’n Skool en ’n kerk vorm die ruggraat van ’n dorp, die fondasie,” meen gemeentelid Bennie du Plessis, skoolhoof van die Laerskool Touwsrivier. Du Plessis is al meer as 30 jaar betrokke by die laerskool. “Dit is nodig om ’n stewige fondasie te hê, wat dan die res van die dorp en gemeenskap positief kan impakteer.

“Dit is wonderlik dat die twee kerke bymekaar kon kom en kon bereik wat ons hier bereik het. Die gesindheid en samehorigheid wat gevorm het is mooi. Hierdie is die begin van iets groot.”

Nog ’n gemeentelid deel Du Plessis se sentiment, en vertel sy het veral aanklank gevind by die simboliek van die spekboom, waarvoor ds Andri Eloff van die NG Ring van Worcester gepraat het. Eloff het ’n spekboom as geskenk aan Touwsrivier-gemeente oorhandig, en verduidelik dat ’n spekboom oral groei waar dit geplant word. Boonop kan talle stukkie van ’n spekboom afgebreek en in die grond geplaas word, waar dit dan verder sal groei en ’n nuwe boom sal vorm.

So word daar geglo dat Touwsrivier ’n voorbeeld sal stel vir die voortbestaan van gemeentes op die platteland.



Kerkeenheid: Dr Llewellyn MacMaster (regs) het die oggenddiens op Sondag 25 Oktober geleë. MacMaster, moderator van die VGK in Kaapland, het gepraat oor hoe hierdie stap die gemeenskap raak. By hom is ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die NGK.

Foto: Marli van Eeden

## Valke ondersoek vermeende wanbestuur by Sinode van Wes-Kaap

Een van die werknemers van die Wes-Kaaplandse Sinode se finansiële kantoor in Bellville word strafregtelik vir diefstal deur die Valke ondersoek. Die vrou, wat nog nie geïdentifiseer mag word voor sy nie in die hof verskyn het nie, het volgens 'n forensiese onder-

soek deur die spesialisfirma Mubesko Africa R5,9 miljoen "wanbestuur", luidens 'n verklaring wat deur ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk, uitgereik is.

"Die finansiële kantoor van die NG

Kerk in Wes-Kaapland het in Mei 2020 vermoed dat 'n werknemer van die sinode fondse van die Sinode van Wes-Kaapland wanaangewend het. Die saak-gelastigde, ds Bossie Minnaar, is onmiddellik op 21 Mei 2020 ingelig. Die werknemer is nog dieselfde oggend

met die feite gekonfronteer waarop die werknemer met onmiddellike effek bedank het," luidens die verklaring.

Janse van Rensburg verseker gemeentes en predikante dat hulle sinodale aandeel en pensioenfondse veilig is. – **Jacobie M Helena**

# 'As gebedsversoeke met 400% styg ...'

Die pandemie se impak sal nog lank met ons wees, berig **MARIETJIE WARRINGTON**.

**D**ie impak van Covid-19 gaan beslis vir baie jare nog met ons wees. Sommige kundiges vergelyk dit selfs met 'n kernontploffing waarvan die langtermyn- emosionele en geestesgesondheidsuitwerking onbekend is.

Die vooruitsig word vir lande wêreldwyd gestel en daar word bespiegel dat die pad na herstel nie 'n kitsonderneeming gaan wees nie.

Dr Johan Ferreira, 'n sielkundige van Johannesburg en hoof van sielkundige en terapeutiese dienste by wholeness@mosaiek meen in die tyd van globale onsekerheid, is daar min wat mense kan gebruik om geldig te kan voorspel wat die langtermynomvang en -impak op mense se geestesgesondheid gaan wees.

"Wat ons wel reeds sien, is dat daar 'n breë en betekenisvolle impak op die meeste mense se psige is. Sommige individue het diep en ryk tot waardevolle insigte oor hulle lewe in die tyd gekom. Ander is weer diep sosiaal verwond deur die afsonderingsregulasies."

**Almal moes deelneem aan eksperiment**  
Sonder toestemming en onder groot druk moes alle landsburgers aan dié globale sielkundige eksperiment deelneem. Omrede daar so min data beskikbaar was oor die uitwerking van die wêreldwye pandemie op die psige van die mens, is dié vooruitskating en hipotese nog nie getoets nie.

"Ons sal werklik moet wag en sien wat gaan gebeur. Ek dink ons gaan verras word met die mens se uitstaande aanpasbaarheid, maar dat daar gewis groot emosionele uitvalle by enkelinge sal wees, is verseker," sê hy.

Ferreira meen in die tyd wat voorlê sal ons almal moet uitkyk vir mekaar se welstand en die moeite moet doen om te praat as jy sien iemand kry swaar.

"Dit sou naïef wees om te dink dat die uitwerking van die pandemie verby is en dat ons die impak verstaan. Dit is 'n leerproses wat nog lank sal voortduur."

**Jongste syfers met Amerika op voortou**  
Die jongste syfers oor Covid-19 toon dat meer as 10 miljoen mense die virus

onder lede het. Amerika is die land wat die ergste geraak word, met meer as 125 000 sterftes en meer as 2,5 miljoen bevestigde gevalle.

Dr Dawid Pieterse, teoloog en hoof van gebedsbediening by The Bridge Church geaffilieer met die tradisionele Baptiste Kerk gesetel in Houston in die deelstaat Texas, sê die pandemie-impak in die VSA het talle mense hier soos in meeste lande ontwortel, ontnem van ekonomiese stabiliteit en emosioneel en geestelik afgetakel. Dit het dikwels gelei tot aanrandings, botsings met die gereg, egskeidings en selfmoord.

"As leier van ons gebedsbediening by die kerk het ek gevind dat veral die verpligte grendelregulasies aansienlike struikelblokke vir gesinne geskep het. In baie gevalle het dit die weg gebaan vir gesinsgeweld, verbroekeling van huwelike en 'n amperse ontploffing van wrywing tussen individue. Gebedsversoeke het in die periode met nagenoeg 400 persent by ons toegeneem," sê hy.

**Geestelike en emosionele impak enorm**  
Pieterse sê die emosionele en geestelike impak van die situasie is enorm. Dit is 'n reis wat predikante ook stap vir stap saam met hulle gemeentes en elke lidmaat onderneem. Hulle moet soveel meer probleme van die gemeente nou aanhoor – baie meer as wat ooit in 'n leeftyd sou kon verwag word.

"As jou gebedsversoeke met 400 persent styg, kan jy aanvaar dat gesinne onder baie stres verkeer. Die werklikheid skep vir predikante en pastore geestelik en emosioneel meer uitdagings op 'n amperse deurlopende grondslag," sê hy.

"Die berading van egpare het ook nou gestyg tot vier en vyf per week waar dit voorheen tot slegs twee beperk was. Dit is emosioneel uitdagend om met soveel gebrokenheid te werk te midde van 'n pandemie waartydens lyding en dood aanmekaar op die voorgrond tree."

**Huidige tydgleuf en predikante se belewenisse**

Volgens Pieterse is Covid-19 'n onbekende tog waartydens geestelike en

emosionele ondersteuning van kardinale belang is. Leraars moet verder raad en duidelikheid uit die Woord gee vir 'n situasie wat in die leeftyd nog nie ervaar is nie.

"Dit verg van 'n predikant om die Woord verder te gaan bestudeer vir nuwe insigte en om die Heilige Gees beter te kan hoor. Dit alles om praktiese raad te kan gee, mense geestelik te kan onderskraag sodat hulle kan oorleef."

**Geestelike leiers en uitdagings**

Anders as voorheen kan geestelike leiers nie staatmaak op eie ervaring nie, want daar bestaan nêrens in die wêreld 'n verwysingsmodel nie. Op vele terreine word uitdagings geskep wat veral predikante loshande moet aanvaar.

"Dit is nie net 'n uitdaging om 'n boodskap vir jou gemeente te gee nie, maar ook 'n uitdaging vir jouself om van die keerpunt sin te maak. Waar 'n leraar voorheen objektief kon raad gee en ondersteun, staan hy nou self in die krisis," meen Pieterse.

Plaaslik is bevind dat predikante ook deurgaans aan groot emosionele druk blootgestel is. Feitlik sonder uitsondering het leraars hulle eie behoeftes eenkant geskuif om ondersteuning in die uitdagende tydgleuf te bied.

Ferreira sê die pandemie met al sy uitvloeisels het veral groot druk op predikante se emosionele en geestesgesondheid geplaas.

"Sonder twyfel was hulle onder geweldige emosionele spanning gedurende die tyd. As geestelike leiers van hulle gemeenskappe sien mense na hulle op vir begrip van komplekse lewensituasies, leierskap tydens trauma en wysheid tydens tye van nuwe uitdagings," sê hy.

**Leraars self in die war**

Hy meen gedurende die proses was leraars self ook besig om te probeer verstaan hoe om die gebeure te ontsyfer en verwerk. Die manier waarvolgens somiges hulle eie behoeftes opsy kon skuif om op hoogte te bly met inligting tydens die krisis, is vir hom 'n inspirasie.

"Daar is lang ure gewerk om funksionele maniere te skep waarvolgens ge-

meentes bedien kon word met opbouende en realiteitsgebaseerde inligting."

"Binne die konteks van hulle reeds diep stresvolle beroep het sommige predikante in die tyd soos bakens geskyn om lig te bring in dié chaos en duisternis. Maar hulle het ook 'n persoonlike prys betaal en gemeentes sal mooi moet omsien na dié herders."

Dr André Bartlett, 'n predikant van die NG Kerk in Johannesburg, sê spanning rondom die langtermynuitwerking van die pandemiasituasie op gemeentes se voortbestaan, het ook tot 'n groot mate op predikante neergekom en verdere stres veroorsaak.

"Die voortbestaan van gemeentes sal eers met die verloop van tyd duidelik word en gaan ook vra vir oplossings wat oor 'n lang tyd uitgewerk sal moet word."

"Dit is nou reeds tasbaar dat ons nie sommer net so gaan terugkeer na die situasie soos voor die pandemie nie. Die nuwe normaal gaan in baie opsigte baie anders lyk as waaraan ons in die verlede gewoon was. Dit gaan waarskynlik vir baie lank ook nie stabiliseer tot 'n nuwe gevestigde normale patroon nie."

Die kerk se grootste uitdaging tans is om die grootskaalse toename in emosionele en geestesgesondheidsprobleme van gemeentes aan te spreek.

"Predikante is nie altyd opgewasse om dié werklikheid te hanteer nie. Hulle ervaar groot druk om ondersteuning te bied te midde van al die ander eise wat nou deur die nuwe situasie aan hulle en hulle gemeentes gestel word. Emosionele en geestesgesondheidsprobleme vra langtermynaandag en in baie gevalle intensiewe terapie," sê Bartlett.

Hy sê predikante se emosionele en geestelike ondersteuning van lidmate is altyd van groot belang en vorm 'n belangrike deel van hulle werk.

"Dit word van nog groter belang in 'n krisistyd soos dié rondom Covid-19 met al die trauma wat dit in mense se lewe veroorsaak. Dié aspek van predikante se werk het nie net belangrik geword nie, maar is bemoelijk deur die beperkinge wat geplaas is op persoonlike kontak met mense."

# 'Heer, wees ons genadig'

**'H**eer, wees ons genadig.' Só het die moderatuur en ringvoorsitters van die Noordelike Sinode hulle Zoom-vergadering oor die onlangse gebeure op Senekal en ander voorbeelde van plaasaanvalle op 21 Oktober met gebed afgesluit.

Die moderatuur skryf in 'n pastorale brief aan predikante in die streeksinode dat daar in die stad sowel as op die platteland 'n "diepe besorgdheid oor plaasmoorde, asook oor die onaanvaarbare vlakke van misdaad, geweld en korrupsie" is. Hulle het predikante aangemoedig om as geloofs familie sonder huiwering mekaar se hande oor kerk- en kultuurgrense te vat.

In die brief erken die moderatuur dat die werklikheid van plaasmoorde met "onsekerheid, pyn, frustrasies en gevoelens van magteloosheid" gepaard gaan, maar moedig predikante aan "om versigtig te wees vir kitsantwoorde en ondeurdagte optrede", het die moderatuur geskryf.

Intussen het 'n ontledingstuk wat die moderateur van die NG Kerk se Algemene Sinode in Julie vanjaar in sy privaathoedanigheid oor plaasmoorde geskryf het, sommige gemeentes die harnas ingejaag.

Die Ring van Louis Trichardt het in 'n verklaring van meer as 1 000 woorde

onder meer ds Nelis Janse van Rensburg se Netwerk24-artikel as 'n verleentheid bestempel.

"(Voorheen) is die eiesoortige karakter van plaasmoorde deur die kerk doelbewus doodgeswyg met die misplaasde opvatting dat plaasmoorde 'gewone misdaad' is," luidens die verklaring wat ds Petrus Kriel, predikant by die NG gemeente Levubu en ringskommissievoorsitter, op 13 Oktober namens die ring versprei het. Die ring se reaksie het gevolg op die moord op die plaasbestuurder Bredin Horner van Paul Roux wat intussen geweld en betogings in die Senekal-omgewing ontlok het.

Janse van Rensburg se skrywe is op 28 Julie 2020 op Netwerk24 onder die titel "Tragedie op die platteland" in die STEMME-afdeling van die nuuswerf gepubliseer.

Janse van Rensburg het destyds in die artikel geskryf dat die regering die kwessie (van plaasmoorde) "verpolitiseer" het. "Om watter belangrike rede sal 'n regering geen openbare geluid oor so 'n algemene misdadige en wreedaardige verskynsel maak nie anders as om politieke redes?" het Janse van Rensburg geskryf. "Is hier dalk 'n onderliggende verwarring by die regering dat hy nie gelyktydig 'n beleid van grondhervorming en 'n fokus om boere te beskerm kan hê nie? Die vraag suggereer

'n reuse- morele dilemma waarvan ek geen regering graag sou wou beskuldig nie. Maar 'n mens begin desperaat soek na die redes vir die swye. Pres Cyril Ramaphosa het wel verlede week op sy imbizo op 'n vraag gereageer en aangedui dat hy bekommerd is oor plaasaanvalle en -moorde. Maar toe het hy weer voortgegaan met veralgemenings oor geweld en moord. Die president se betrokkenheid móét meer behels as net 'n terloopse opmerking."

Kriel en kollegas reageer as volg: "Die Ring van Louis Trichardt het reeds op 6 Maart 2006 plaasmoorde aangespreek as strukturele verontmensliking van die landbougemeenskap in 'n amp telike verklaring. Strukturele verontmensliking vind plaas deur die regering, besighede, gemeenskappe en kerke wat landbouers uitmaak as mense wat hulle plase onwettig beset teenoor die regmatige eienaars. Daardeer is landbouers openbaar gebrandmerk as kriminele wat nie met die reg van die staat, die gemenerereg of die kerk se geloof op hulle eienaarskap kan aanspraak maak, of om só gerespekteer te word nie. In hierdie karaktermoord het die regering, besighede, gemeenskappe en kerke, wat die NG Kerk insluit, tot nou toe lustig meegedoen."

• Lees die volledige verklaring en pastorale brief by [kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za)

## Leraars 'hoef nie' SGV te bevestig – Claassen

**A**nders as staatsamptenare hóé NG dominees nie selfdegeslagverbintnisse te bevestig nie.

"Die Wysigingswet op die Wet op Burgerlike Verbintnisse van 2020 is nie van toepassing op godsdienshuweliksbeamptes soos predikante nie," volgens dr Gustav Claassen, die algemene sekretaris van die NG Kerk.

Die nuwe wysigingswetsontwerp, wat reeds in werking is, verhoed huweliksbevestigings in diens van die staat om te weier om burgerlike verbintnisse tussen mense van dieselfde geslag te voltrek. "Dit is slegs op toepassing van amptenare wat voltyds in diens van die Departement Binnelandse Sake is," verduidelik Claassen oor die wetgewing, wat deur Freedom of Religion South Africa (FOR SA), as "ongrondwetlik" beskryf is.

Daniela Ellerbeck, 'n regsadviseur vir FOR SA, het die maatreef as drakonies beskryf omdat dit die staat die mag gee om staatsamptenare te dwing om teen hulle gewetensbeswaar op te tree. "Hierdie wet is 'n aanranding op elkeen se reg om te lewe in ooreenstemming met hulle oortuigings," luidens die verklaring.

• Die Departement Binnelandse Sake het in Julie vanjaar aan gelegitimeerde NG predikante magtiging gegee om selfdegeslagverbintnisse te voltrek indien hulle sou wou.

### Van bl 1

2019-besluit insake (selfdegeslagverbintnisse) nie vir die Sinode van Goudland geld nie," is tydens die vergadering bevraagteken deur die moderator van die Algemene Sinode, ds Nelis Janse van Rensburg en betwis deur dr André Bartlett, moderator van Hoëveld Sinode. "Ons het nooit vir Goudland gesê die 2019-besluit geld nie vir hulle nie. Ons het gesê die 2019-besluit geld, maar in terme van 2019 mag julle julle eie benadering volg."

Vanuit die breër ASM-geledere was daar 'n aantal pogings om Goudland se afvaardiging daarop te wys dat hulle nie uit 2019 se besluit hoef te klim ten einde 'n bepaalde standpunt oor selfdegeslagverbintnisse te volg nie. Volgens die besluit erken die Algemene Sinode on-

der meer dat sommige kerkrade en predikante nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintnisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie. "Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig," luidens die besluit. Ds Charl Stander uit Wes-Kaapland Sinode was een van dié wat klem gelê het daarop dat die 2019-besluit "wyd ruimte maak".

Brink het Goudland se geskil laat toelig deur dr Hannes Schulz, aktuaris van dié streeksinode, wat op 20 Oktober vanjaar 'n uiteensetting van Goudland se posisie aan onder andere dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk gestuur het. Maar hy het self ook die praatwerk gedoen oor Goud-

land se voorkeur vir die toepassing van die 2015-beleid. "Gemeentes sê vir ons, as ons nie ons beleid toepas nie, watter verskil is daar tussen Goudland, wat met 'n 88%-meerderheid hierdie besluit geneem het, en enige ander sinode?"

Bartlett het gemaak: "Goudland moet natuurlik besef dat as hulle 'n besluit neem vir hulle gemeentes, gaan presies dieselfde dilemma wat hom nou hier uitspeel, ook binne Goudland uitspeel, want daar gaan ook gemeentes wees wat sê, maar ons wil in terme van die 2019-besluit van die Algemene Sinode ons eie benadering volg."

Die NG Kerk het tien streeksinodes. Almal word verteenwoordig by die Algemene Sinode wat vierjaarlik plaasvind en waarvan die mees onlangse een, in

kerkgroepe mag plaasvind, volgens die deeglike dokument wat voorberei is oor die verkoopgeskiedenis van "Struwig", soos die eiendom onder kerk-insiders bekendstaan. "Is daar enige kans dat ons hierdie fout wat ons nou maak om hierdie plaas te verkoop, kan omkeer of is dit te laat?" wou ds Jurgens de Jager van Oostelike

2019 in Benoni, grootliks oorheers is deur die gesprek oor selfdegeslagverhoudings nadat die NG Kerk vroeër daardie jaar 'n hoëprofiel-hofspraak verloor het oor 'n vorige poging om die saak van selfdegeslagverbintnisse te hanteer.

Janse van Rensburg het by 2 November se vergadering puntsgewys deur Goudland se skrywe gegaan. By punt 4 ("Die Sinode van Goudland verklaar dat alle seksuele verhoudinge buite die band van die huwelik, nie Bybels verantwoordbaar en aanvaarbaar kan wees nie.") het Janse van Rensburg gesê: "Selfs daardie (standpunt) is in lyn met die Algemene Sinode se (2019) besluit. Dit maak ruimte vir so 'n standpunt. Dit sê: Wel, as dit julle standpunt is, is dit goed so," aldus Janse van Rensburg.

Sinode weet tydens die besprekingspunt. (Dit was reeds te laat). Dr Gustav Claassen het gesê die trustee kon nie die plaas, sowat ses uur se ry uit Pretoria, finansiële volhoubaar sien word nie. De Jager het laat hoor: "So om verder te gesels, is soos om 'n dokter te dagvaar nadat ek my geliefde verloor het."

**N**og 'n agendapunt by die vergadering was die verkoop van 'n wildsplaas in die Hoedspruit-omgewing in Mpumalanga met die NG Kerk en ander vennote as begunstigdes. Struwig Eco Reserve bied 'n "sakpas-wegbreek in die eksklusiewe Groot 5-area in die Bosveld," volgens 'n inskrywing op die reiswerf [slaap.co.za. Maar nou behoort dit aan ene Van der Spuy na dit vir amper 'n jaar vir meer as R30 miljoen in die mark was en uiteindelik vir sowat R23 miljoen verkoop is. Dit kom nadat die trustee in 2018 'n besluit geneem het om so 'n stap te ondersoek en die mark te toets. Personeel bly aan en daar sal steeds jeugkampe vir](http://lekk-</a></p>
</div>
<div data-bbox=)

ASM

## Kersfonds: BM en Kerkbode fokus op leesgoed vir kinderhuise en skole

Dis weliswaar nog 'n bietjie vroeg vir Kersgeskenke koop, maar *Kerkbode* se Kersfondspan is reeds aan 't woeker met 'n plan om lidmate vanjaar in staat te stel om 'n "geestelike geskenk" direk aan 'n kind te gee.

Die idee is eenvoudig, vertel Hannelie Matthee, finansiële bestuurder en donateur-skakelpersoon by Bybel-Media (BM) op Wellington, met wie *Kerkbode* kragte saamsnoer vir hierdie projek. "Ons noem dit *KinderKersKous vol Bybel-Boeke*. BM wil kinders en jongmense bederf met geestelike boeke wat ons sal aflewer by kinderhuise en skole in die nuwe jaar (2021)."

Die ontwikkeling en versending van hierdie spreekwoordelike geskenk-"kouse" word moontlik gemaak deur afsonderlike donateurs en gemeentes wat die projek ondersteun. Dit is Kinderbybel-stories, Bybelaktiwiteitsboeke en ander opvoedkundige boeke, verduidelik dr Nico Simpson, die nuwe hoof-uitvoerende beampte van BM.

*Kerkbode*-lesers ondersteun jaarliks op ruimhartige wyse die Kersfonds. In 2019 het ses individue, een sinode en 30 gemeentes bydraes gelewer en is 'n bedrag van altesaam R158 705,35 ingesamel. Vanjaar sal *Kerkbode* steeds werk met haar amptelike lys van begunstigdes om te verseker dat ook daardie instellings en die kinders wat daar woon op die geskenklys bly en kan baat vind by die leesstof en besighouboeke.



Retief Müller

## OP DIE KERKSTOEP



# Verkiesingskoers in die VSA

Die intensiteit waarmee Amerikaners hulle politiek benader is merkwaardig. Steun vir politieke kandidate op nasionale en plaaslike vlak word prontuit vertoon op voertuie en grasperke voor huise en dan is daar natuurlik die miljoene dollars wat ingesamel en bestee word aan TV-dekking en aanlynmedia tydens verkiesingsveldtogte. Gedurende verkiesingsveldtogte kry 'n mens soms die gevoel dat die wêreld stilstaan. Dat niks anders saak maak nie, behalwe die kandidate en hulle onderskeie boodskappe. Of laasgenoemde nou sin maak of inspirerend is, is debatteerbaar. Dog die lawaai is oorweldigend.

Ons bevind onself nou aan die einde van die onlangse ewigheid anders bekend as die era van Trump. Een ding wat sommige politieke ontleders verwag het, is dat dit dalk eerder Covid-19 as Joe Biden sou wees wat Trump se ondergang by die stembus kon beteken. As dit by presidensiële verkiesings kom, is daar dikwels een oorhoofse kwessie wat kiesers inspireer om te stem. Byvoorbeeld, in 1992 toe Bill Clinton verkies is was die hoofsaak 'the economy, stupid', in die woorde van Clinton se strateeg, James Carville. Wanneer daar nie 'n grootskaalse oorlog woed nie, of wanneer geen wêreldwye krisis almal se lewe bedreig nie, is die ekonomie gewoonlik die hoofsaak. Donald Trump het gehoop dat dit in 2020 ook so sou wees. Toe breek daar 'n pandemie uit. Geen landshoof sou wou hoop op 'n pandemie vir politieke heil nie. Dus, soos baie leiers die wêreld deur, is Trump onkant gevang.

'n Mens sou kon argumenteer dat hy beter voorbereid moes wees. Sy twee direkte voorgangers, George W Bush en Barack Obama, het beide gewaarsku teen

die gevare van 'n moontlike dodelike virus wat die wêreld kon deursyfer. Maatreëls om so 'n moontlikheid te bekamp is inderdaad ingestel. Dat die Trump-regering van meet af internasionale samewerking die rug toegekeer het en tuis nie veel belangstelling getoon het in die instandhouding en opgradering van anti-pandemiese maatreëls nie, was verseker 'n oordeelsfout. Maar almal maak soms oordeelsfoute. Dit is vergeefbaar.

Die groter probleem met Donald J Trump en die Koronavirus is sy onbeholpe, onverskillige onvermoë om die uitdaging nadat dit uitgebreek het die hoof te bied. Eerder as om na bekwame mediese amptenare soos dr Anthony Fauci te luister het Trump verkies om sy ore uit te leen aan diegene wat kwaksalwery en oëverblindery verkansal. Dit is miskien nie so verbasend nie as ons in ag neem dat Trump na berig word self nagenoeg 23 valse aantygings per dag maak wat reeds die 20 000 merk in totale valsheid in Juliemaand verbygesteek het, volgens 'n berig op washingtonpost.com.

Die gevolg hiervan was katastrofies, eerstens in terme van gesondheid en die aantal sterftes weens die virus in die VSA, 'n land met 20% van alle wêreldwye infeksies maar slegs 3% van die totale wêreldbevolking. Tweedens het die regering se onbekwaamheid 'n grootskaalse wantroue in kiesers se gemoed geplant. Trump is die enigste president wat nog nooit meer as 50% van die kiesers se goedkeuring kon bekom nie, word op politico.com berig.

Onthou, Hillary Clinton het meer van die algemene stemme as Trump gekry met die 2016-verkiesing. Dit was slegs as gevolg van die argaïese manier hoe die kieskollege gestruktureer is dat Trump se oorwinning in 2016 plaasgevind het. Joe Biden was ten tye van hierdie skrywe op koers om die popu-

lêre stem selfs nog verder te wen.

Die belangrike en problematiese punt, spesifiek vir lesers van *Kerkbode*, is dat meer as 80% van die sogenaamde 'white evangelicals' in 2016 vir Trump gestem het, volgens data wat in 2016 op pewresearch.org gepubliseer is.

Na alle verwagting het sy steun onder hierdie groep nie noemenswaardig afge neem nie. Hierdie is 'n skandalige situasie. Van wanneer af is Christene aan die kant van die leuen eerder as die waarheid? Nou praat ons nie eens van Trump se blatante rassisme, seksisme en xenofobie waarmee hy kort-kort sy volgelingen aanvuur soos enige demagoog ook maar doen nie. Die wit Christelike steun vir Trump en sy weergawe van wit nasionalisme is 'n aanklag wat nog lank gaan weerklank. Net soos soortgelyke historiese verskynsels elders, dink byvoorbeeld aan Duitsland tydens die 1930's en die Afrikanervolk tydens die apartheidjare, is dit ongelukkig nie 'n unieke ontwikkeling wanneer Christene besluit om die fantasieë van 'n demagoog of die eiegerigte oëverblindery van 'n politieke party te verkies bo feite en geregtigheid nie.

In tye soos hierdie kan 'n mens maar net hoop dat die lig nie langer verborge sal bly nie. Dit is immers die sentrale Skriftuurlike belofte. Die lig sal skyn. Die donkerte sal probeer om dit te verdruk, maar uiteindelik sal dit nie suksesvol wees nie. Die ding wat ons in die kerk egter oor sal moet besin en ook moet bely teenoor mekaar is dat die donkerte al te dikwels te voorskyn kom vanuit ons eie geleedere.

'n Belangrike vraag is of Trump en sy ondersteuners die verkiesingsuitslag sal aanvaar, en indien nie, wat is die implikasies daarvan vir die behoud van demokrasie in Amerika?

► Prof Retief Müller is direkteur van die Nagel Institute for the Study of World Christianity aan Calvin College in Amerika.



## Marileen Steyn JY SWOT WAT?

In dr Ryno Els se proefskrif getiteld "A leadership development model to enhance ethical governance in South Africa" spreek hy sy twee grootste passies, "leierskap" en "Suid-Afrika", aan. Die mislukking van leierskap en die korrupte kultuur wat na die grondvlak van die samelewing deursyfer, bekommer hom en dit was die dryfkrag agter sy PhD.

Vanuit Els se navorsing identifiseer hy drie faktore wat aangespreek moet word om etiese leierskap te bevorder. Die eerste noem hy strafbare verantwoordbaarheid waar daar eienaarskap van onetiese gedrag geneem word. Dat

hierdie verantwoordbaarheid strafbaar moet wees, is vir hom 'n kernpunt aangesien geregtigheid nie net vra dat mense op die naam genoem word nie, maar dat hulle ook die gevolge vir hulle aksies moet dra. Tweedens moet die belang van aandeelhouers ("stakeholders") bevorder word deur deursigtigheid wat gebou word op oop kommunikasie en eerbaarheid. Laastens beklemtoon Els die belang van 'n regulerende omgewing wat organisasies en individue lei tot die nakoming van etiese gedrag.

Etiese verandering vra egter meer as net 'n lysie van vereistes waaraan voldoen moet word. Waarlike etiese veran-

dering, vertel Els aan *Kerkbode*, moet met die interne kultuur en identiteit van 'n organisasie geïntegreer wees.

Sy verhandeling lei op die einde tot die daarstel van 'n model vir 'n etiese siklus. Dit is 'n siklus wat gebore word vanuit moed om aksie te neem en 'n kultuur te verander. Slegs vanuit hierdie moed kan daar oorbeweeg word na die eliminasië van onetiese toksiese gedrag en leiers. Sy siklus is een wat beklemtoon dat 'n mens nooit gearriveer het nie en dat hoof-uitvoerende beamptes opgeroep word om hoof-herinneringsbeamptes te wees wat ander daaraan herinner om (vanuit hulle geloof en waardes)

## Etiese leier



# Liberales teologie in die NG Kerk

Ek kan beslis nie verantwoordelikheid aanvaar vir elke lidmaat van die NG Kerk se teologiese beskouing nie. Gelowiges het van die vroegste tye verskillende sienings van sake. Maar beweringe dat die NG Kerk haarself skuldig maak aan liberale teologie kan nie sonder reaksie verbygaan nie. Liberale teologie beteken volgens diegene wat gewoonlik hierdie soort beskuldigings maak onder meer dat die Skrif se gesag nie aanvaar word nie, dat sonde as opstand teen God nie meer ernstig geneem word nie, dat die verlossingswerk van Christus dus ook nie meer belangrik is nie, dat die liggaamlike opstanding van Christus nie aanvaar word nie, dat die teenwoordigheid van God in ons lewe misken word en die krag en betekenis van gebed afgeswak word.

Die leiers van die NG Kerk is nie hieraan skuldig nie. Ek ken my kollegas in die Algemene Sinodale Moderamen en in die strukture van die samestellende sinodes van die NG Kerk. Hulle is nie liberale teoloë nie. Intendeel, ek is deeglik bewus van die diepgaande verbintenis van ons kerk se leiers aan die

grondwaarhede van die Skrif soos dit binne die gereformeerde tradisie bestaan word.

Ons is ernstig oor die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Dwalinge ontstaan meestal wanneer enigeen van die drie Persone van die Drie-eenheid misken word. Wie die Vader misken, hou nie rekening met die omvattende aard van sy liefde vir die wêreld nie (Joh 3:16). Ons glo in God as Vader. Wie Christus se volledige verlossing deur sy kruisdood en opstanding negeer, is gewoonlik geneig om Jesus te reduceer tot slegs 'n navolgenswaardige voorbeeld ten opsigte van lewenswandel. Ons glo in Jesus as ons Verlosser en Saligmaker. Wie die Heilige Gees misken, is geneig om God se werking tot die verlede te beperk – die aktiewe aanwesigheid van God in die hede word afgewater. Ons glo in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker.

Ons glo nie net in die Drie-eenheid nie, maar glo dat ons ingeneem is in 'n intieme verhouding met die Vader, Seun en Gees. Ons glo dat die opgestane Christus die Hoof is van die kerk. Ons glo dat die Bybel deur God geïnspireer

is en dat die Heilige Gees die Toepasser van die heil is. Ons glo in gebed as 'n gesprek met die lewende God waarin aan ons die geleentheid gebied word om ons menslike gedagtes, belydenisse, versugtinge, lof en dank aan God te bring en deur sy influistering beïnvloed te word.

Ons is ernstig oor God se verbondstrou aan mense. Ons is ook ernstig oor die Wet van God wat liefde tot Hom en ons naaste vereis. Ons is ernstig oor die Ou Testament wat ons leer van die vrede, trou en geregtigheid van God.

Christus se vryspraak deur sy kruisdood en sy opstanding is die inspirasie van ons lewe. Ons glo dat die koninkryk van God reeds in ons tyd aanbreek en tot in ewigheid strek. Daarom bid ons soos Jesus ons geleer het dat die koninkryk sal kom soos in die hemel, so ook op die aarde. Daarom neem ons nie net die ewige lewe nie, maar ook hierdie lewe ernstig. Ons glo dat Christus van ons vereis om nou reeds sy koninkryk in ontvangs te neem deur ons afhanklikheid van die Vader, ons diepe deernis met die lyding van ons naaste, ons sagmoedigheid, ons reinheid van hart, ons

barmhartigheid, ons honger en dors na geregtigheid, ons maak van vrede. Ons verstaan dat sonde onder meer verband hou met ons verset om Christus hierin te volg. Ons is ernstig oor die liefdesgebod en oor God se genade vir sondaars.

Ons verskil soms oor die uitleg van tekste. Ons worstel soms om die werklikhede waarmee ons te doen kry, te verstaan of soms te versoen met ons geloof. Daarom waag ons dit om diepgaande te besin oor moeilike kwessies sodat ons van die wêreld met sy natuurwetenskaplike verskynsels, én sy sosiale bewegings én sy magstryde 'n leefbare en beter plek kan maak.

In die leiersgroepe van die NG Kerk, noem ons mekaar egter nie slegte name nie. Ons hang ook nie die etikette van fundamentalisme of liberale teologie om mekaar se nek om mekaar op oneerlike maniere verdag te maak nie. Nee, ons verskil in liefde van mekaar en dra mekaar se laste deur vir mekaar ruimte te maak. Ons is lief vir mekaar. Ons het juis die afgelope tyd soveel van ons dierbare reisgenote met hartseer moes groet. Dit was pynlik ongeag standpunte waaroor ons kon verskil het. Ons diep verbondheid aan mekaar wat deur God bewerk is, is immers nie net lippetaal nie. As ander mense ons dan met skelname benoem, krimp ons hart weerloos ineen, nie omdat ons bang is nie, maar omdat dit so anders is, so kontra alles waarvan ons met eerlikheid kan getuig, van wat ons self gesien en beleef het in ons eie gelede.

► Ds Nelis Janse van Rensburg is voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen.

Daarom bid ons soos Jesus ons geleer het dat die koninkryk sal kom soos in die hemel, so ook op die aarde. Daarom neem ons nie net die ewige lewe nie, maar ook hierdie lewe ernstig.

## skap in Suid-Afrika en die kerk

In dié rubriek gesels die skrywer met PhD-studente oor interessante navorsingsonderwerpe.

aan etiese leierskap deel te neem. Dit is hoe hy sy rol in die gemeente sien.

Els berou die land se gebrek aan dienskneg-leierskap soos dit deur Jesus vergestalt is en hy hunker na 'n land waar die drie beginsels waarop sy studie bou, nie net in staatsredes genoem word nie, maar in die praktyk beoefen word. Sy oproep tot die leierskap is dat hulle korrupsie met dieselfde aggressiwiteit sal benader as wat hulle Covid-19 oor die afgelope sewe maande benader het.

Onetiese leierskap en korrupsie is ongelukkig nie beperk tot nie-kerklike sferes nie. Dit het juis onlangs aan die lig gekom dat 'n individu in die Wes-Kaapse

sinode fondse wanbestuur het. Met deernis spreek Els sy trots uit oor hoe die kerk dit tot op hede hanteer het: dat hulle dit deursigtig gekommunikeer het en dat hulle op 'n grondwetlike vlak die persoon verantwoordbaar wil hou. Hierdie gebeure dien volgens hom as herinnering dat die kerk ook gereeld haarself moet ondersoek en die boodskap van etiese leierskap eers moet leef en dán preek.

Op die ou einde wil Els deur sy proefskrif en sy rol as predikant mense herinner dat hulle hande nie afgekap is nie. Etiese leierskap begin met die leiding van die self, voordat dit oorvloei

na die leiding van ander, organisasies en uiteindelik die wêreld. En dit is hierdeur dat die samelewing kan fiks word in etiese leierskap en gedrag.

● Dr Ryno Els is predikant by die NG gemeente Toringkerk in die Paarl. Hy het sy PhD in 2018 aan die Nelson Mandela Universiteit behaal. Vir meer inligting oor sy PhD kan hy by rynoels@gmail.com gekontak word.

► Marileen Steyn is tentmakerleeraar van NG Saldanha met 'n spesifieke fokus op jeugbediening.

□ Het jy 'n storievoorstel vir hierdie rubriek? Kontak die skrywer by marileen.steyn@gmail.com



Dr Ryno Els

Ons hoor graag van jou. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninlvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

## Te min! Te laat!

**Dr Hancke van Blerk van Piet Retief skryf:**

Di was met groot blydschap dat ek kennis geneem het van die Menseregtekommissie (MRK) se terugtrekking van die gans onnodige haatspraaklag teen dr Chris van Wyk asook van kerklike pogings (alhoewel maar bra flou en gekwalifiseerd) om hom om verskoning te vra.

Uit Chris en sy regsplan se reaksie blyk baie duidelik dat hulle 'n beduidende deel van die leierskap van die NG Kerk asook *Kerkbode* baie kwalik neem omdat hulle nie juis iets gedoen het om hierdie onreg (ek beskou dit as 'n tragedie en 'n skande) te probeer regstel nie. Dit was van die begin af baie duidelik dat Chris se woorde kwaadwillig verdraai is (elke woord was immers op skrif vir almal om seker te maak wát presies gesê is).

Ek self is, meer as enigiemand anders, uiters ontugter deur sommige leiers asook ons amptelike kerkkoerant.

Reeds op 10 Oktober verlede jaar (kort na die 2019-sitting van die Algemene Sinode) het ek 'n brief aan *Kerkbode* gestuur waarin ek 'n beroep op die nuwe moderatuur gedoen het om as 'n saak van uiterste dringendheid iets aan hierdie menseregteskending teenoor hierdie hoogaangeskrewe teoloog (Van Wyk) te doen. "Julle integriteit asook die onlangse sinodeliefde, waaroor so gespog is, gaan hierin getoets word!" het ek geskryf in die brief, wat nie geplaas is nie.

Hoewel ons *Kerkbode* se brieweblad vir die uitgawe na die Algemene Sinode verdubbel het om ruimte te skep vir 'n verskeidenheid van lesersbydraes, was die fokus op sinodesake en -besluite. Die skrywer se brief is ontvang op die voorlaaste dag van 'n sitting waar 'n agenda van meer as 500 blaaie grootliks die kerknuusagenda bepaal het. Die haatspraaklag teen dr Van Wyk, hoewel aktueel en dalk selfs sensasioneel, is nie by die sinode bespreek nie, is nie in *Kerkbode* se blaaie gerapporteer nie en lesers sou net sowel redaksionele omsigtigheid kon waardeer met

sake wat nog nie in die lig van uitspraak of uitkoms staan nie. – Red.

## Om net te sê "ek is jammer", is nie voldoende nie

**Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:**

Die berig "Moderator sê jammer aan 'broer' wat sê hy's verraai" van 5 deser het betrekking. In die openingsparagraaf staan geskryf dat 'n "Baaise dominee en Bybelskoolblogger 'n SONDEBELYDENIS eis by leiers van die kerk". My siening is dat 'n sondebelydenis die regte ding is om te doen, sodat die doel (versoening) bereik kan word.

Volgens Jay Adams (in sy boek *From forgiven to forgiving*) is dit nie genoeg vir gelowiges om onder sulke omstandighede bloot te sê "ek is jammer" of "ek vra om verskoning" nie. Hy verduidelik dan dat 'n verskoning 'n onvoldoende humanitiese plaasvervanger is vir die Bybelse weg. Om om verskoning vir sonde te vra, kry ons nêrens in die Skrif nie. Die rede waarom verskoning vra onvoldoende is wanneer werklike sonde plaasgevind het, is omdat dit nie 'n behoorlike Bybelse reaksie uitlok nie.

Ware Bybelse versoening sal wees wanneer die veronregte persoon daarna sê: "Ja, ek vergewe jou." As die broer sê: "Ek vergewe jou", belof hy om nooit die saak aan te spreek nie. Verskonings is goed as daar geen sonde by 'n aksie betrokke is nie (byvoorbeeld as 'n mens iemand per ongeluk omstamp), maar dit moet nooit as 'n plaasvervanger vir Bybelse versoening gebruik word nie.

Dit is interessant dat die regsverteenvoerders meer as een keer verwys na 'n aanhaling uit 'n gedig van die teoloog Martin Niemöller ("First they came"). Niemöller was 'n aantal jare in die tronk weens sy teenstand teen Hitler. Een van die temas van die gedig is passiwiteit of die nalaat van daadwerklike optrede wanneer onreg plaasvind. 'n Ander tema gaan oor stilswye, soos om stilswyend goedkeuring te gee aan bepaalde gebeure. Die regsverteenvoerders spel nie duidelik uit na watter tema hulle verwys nie, maar afleidings kan gemaak word.

## Voort met die gay-kwessie?

**Ds Stef Skeen van Durbanville skryf:**

Die kernvraag wat die burgerlike samelewing en die lidmate dringend van die kerk vra en wat deur die kerk eerlik beantwoord moet word, is: Is homoseksualiteit sonde of nie? Is dit 'n oortreding van die wet van God of nie? Die antwoord hierop kan net gevind word by God self, in sy Woord, die Bybel! Daar is minstens sewe gedeeltes wat hard en duidelik deur God 'n antwoord gee op die vraag. Dit kom voor in die Ou Testament en die Nuwe Testament:

1. In Levitikus 18 en 19 staan daar: Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde. Twee mans wat seksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle verdien die dood.
2. Oor Sodom: Genesis 19:4 sê: Voor Lot gaan slaap het, het die mans oral uit die stad, oud en jonk, die hele klomp, Lot se huis omsingel en gesê: Waar is die mans wat vanaand na jou gekom het? Bring hulle uit. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê (Lees verder Genesis 19:6-22). 23: Net toe die son opkom ... het die Here swael en vuur ... uit die hemel laat reën op Sodom en Gomorra en die hele vlakte verwoes en al hulle inwoners om die lewe gebring.
3. Rigters 19:16-23 sê oor 'n Leviet en 'n ou man: Die mense het geëet en gedrink. Toe omsingel 'n klomp straatboewe die huis en sê: Bring die

man uit jou huis. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê!

Lees Romeine 1:24 en volgende verse: God gee hulle aan die drange van hulle harte oor sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer ... hulle vroue verander die natuurlike omgang in teennatuurlike omgang.

Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met vroue en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelijke dinge met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.

1 Timoteus 1:9: Die wet is bedoel vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, godeloses en sondaars ... mense wat homoseksualiteit beoefen en hulle doen wat met die gesonde leer in stryd is.

1 Korintiërs 6:9: Weet julle nie dat mense wat onreg doen geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Geen onsedelikes, egbrekers, of mense wat homoseksualiteit beoefen sal deel kry aan die koninkryk van God nie.

En so was party van julle ook. Maar julle het julle sondes laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die naam van die Here Jesus Christus.

Wie sê hy het nog nooit 'n gay mens gekry wat hom bekeer het nie? God kan! Laat ons daarvoor juig en bly wees.

In die lig van hierdie sewe Skrifdele is dit duidelik: Homoseksualiteit is sonde. As die sinode dit ook duidelik sê, praat hy maar net God na, dit is nie die sinode wat dit so sê nie.

**Brief verkort – Red.**

## Skryfkompetisie

Baie dankie aan al ons inskrywers. Wenners word in die volgende uitgawe bekend gemaak.



**Teken in op Kerkbode**  
Viona Ross  
Tel 021 864 8278. E-pos: [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za)

**Intekenare/gemeentenavrae:**  
Viona Ross  
Tel 021 864 8278. E-pos: [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za)

**Redaksie:**  
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na [kerkbode@tydskrifte.co.za](mailto:kerkbode@tydskrifte.co.za)

## KONTAK ONS

**Redakteur:** Le Roux Schoeman  
[leroux@kerkbode.co.za](mailto:leroux@kerkbode.co.za)  
Tel 021 864 8247

**Joernalis:** Jacobie M Helena  
Tel 072 828 9760  
E-pos: [jacobie@bmedia.co.za](mailto:jacobie@bmedia.co.za)

**Ontwerper:** Mario Small  
E-pos: [mario@kerkbode.co.za](mailto:mario@kerkbode.co.za)

**Proffeser:** Lambert Jacobs

### Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath  
Sel 072 357 8914  
E-pos: [woes@mweb.co.za](mailto:woes@mweb.co.za)

### Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen  
E-pos: [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)  
Tel (Halfdag): 021 864 8202

### Bemarring:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231



# Digiklesia: Konneksie gaan kombinasie van oud en nuut vra

FRANCOIS LAMPRECHT

**D**aar is 7,5 miljard mense op aarde. Van hulle gebruik 4 miljard die internet. Dan is 3,4 miljard aktiewe gebruikers van sosiale media. Die wêreld waarin ons leef het 'n digitale gemeenskap geword waarvan Suid-Afrikaanse gelowiges deel is. Nou meer as ooit is kerke bewus daarvan dat gelowiges ook hier bedien moet word en dat die plaaslike kerk dit kán en moet doen.

Maar waar doen ons dit? Wat is die beste manier om 'n konneksie te maak met iemand in hierdie digitale wêreld? Ons opsies is groot: Facebook, YouTube, Instagram, ChurchOnline (<https://churchonlineplatform.com/>), Kieskerk (<https://kieskerk.com/>), 'n webblad, 'n toep ... watter platform is die beste een vir aanlynbedienings? Die antwoord is: almal. En dan nog 'n paar!

Daarmee bedoel ek nie dat elke gemeente al hierdie platforms moet bestorm en meesters word van al wat sosiale media is nie. Wat wel nodig is, is 'n deeglike kombinasie van maniere waarop ons hande uitreik na mekaar. Dit sluit in nuwe en ou tegnologie.

By verre die grootste en maklikste platforms om te gebruik om jou erediens te kry is Youtube en

Facebook. En dit is natuurlik gratis ook! Maar nadat jou gemeente se erediens uitgesaai is, wat dan? Dit is 'n manier om 'n erediens te deel met iemand, maar dit is nie konneksie nie en moenie 'n fout maak nie – konneksie is waaroor dit gaan, nie hoeveel mense na jou uitsending loer nie. Om werklik aanlyn te bedien moet ons meer doen as kykers wen, ons moet verhoudings bou met mekaar.

Daarvoor benodig ons interaksie. As jy 'n bedieningsleier is moedig mense aan om te groet, kommentaar te lewer, vrae te vra. As jy 'n lidmaat is, doen dit asseblief. Vra. Comment. Groet. Dit help om die uitsending in 'n ontmoeting te verander. Dit gaan meer as net een of twee digitale platforms neem om ver-

houdings te kweek. Daarvoor het ons nodig om al die roetes tot ons beskikking te gebruik. Reg oor die wêreld rapporteer kerke groot sukses met 'n kombinasie van kommunikasiekanale soos uitsendings wat opgevolg word met ander korter aanlynboodskappe. Gevolg deur e-posse aan lidmate en natuurlik WhatsApp-boodskappe.

Gemeentes moet veral fokus op hoe hulle mees “ontegnologiese” lede bereik word. Een van die kragtigste mediums hiervoor is 'n groep leiers wat lidmate bel. Ja, regtig bel en 'n telefoongesprek voer. Jy kan nie oorskot wat daardie oproep beteken vir lidmate wat nie aanlyn is nie. Of die wat aanlyn is, maar deur 'n moeilike tyd gaan.

Maar ons kan nog verder gaan. Nog

nader aan mekaar. Ons respekteer mekaar se ruimte en veiligheid, veral kwesbare lidmate s'n, so 'n koffie in die sitkamer is dalk nog buite die kwessie. Stuur dan 'n SMS en laat weet dat daar iets in hulle posbus is. 'n Briefie wat lees: “Sterkte. Dink aan jou.” Nou is ons besig om verhoudings te bou!

Juis die aanlyn-aard van ons digitale wêreld maak dit so maklik om mense op ander maniere te bereik: Ek kan hier waar ek nou sit binne 'n paar minute 'n warm beker koffie (of 'n bottel wyn) laat aflewer by die huis van iemand wat in Nieu-Seeland kyk na ons aanlyndienste. Op so 'n manier raak ons amper aan mekaar op tasbare maniere. Of ek kan aanlynkopie doen en dit by iemand wat swaar trek se huis laat aflewer. Die moontlikhede is so wyd soos jou verbeelding en jou gemeente se gewilligheid om uit te reik na mekaar en 'n wêreldwye gemeenskap.

Die eerste Digiklesia-webinaar was ses gesprekke wat fokus op die geleentehede en uitdagings van aanlynbediening. Hierdie gesprekke is gratis beskikbaar by <http://ngkerkpellissier.co.za/digiklesia> en ons deel dit graag met jou. ► *Ds Francois Lamprecht is 'n leraar by die NG gemeente Pellissier in Bloemfontein.*

“Om werklik aanlyn te bedien moet ons meer doen as kykers wen, ons moet verhoudings bou met mekaar.”

## Christenleiers se 'super-krag'

JURIE VERMEULEN

**O**ns het waarskynlik almal al die Marvel-films gesien; wemelend van indrukwekkende helde met super-kragte wat die hulpelose mensdom van bomenslike booswigte bevry. In hierdie artikel gaan ons fokus op die geheime “super-krag” wat Christen-leierskap aandryf. Leiers lei mense; inspireer mense om te doen wat hulle normaalweg nie sou doen nie. Effektiewe leiers het verder die vermoë om sensitiewe kwessies, langstaande probleme, dreigende konflik en potensiële pyn te ontloot en groter begrip en harmonie te bou – of dit tussen hulleself en iemand anders is, of in spanverband.

Leiers word voortdurend gekonfronteer met netelige situasies; werknemers ignoreer maatskappyregulasies; beskadig toerusting; verloor motivering, rebelleer teen gesag, of openbaar 'n negatiewe gesindheid wat die span benadeel. Alle kerkleiers is terdê bewus van die uitdagings wat kerkkantore, kollegas, kerkrade en gemeentelêde deurlopend aan hulle stel. Watter geheime vermoë stel effektiewe

leiers in staat om al hierdie komplekse situasies gereeld suksesvol te hanteer?

Paulus skryf met groot passie oor hierdie geheime krag – om die waarheid te sê, dit is ingesluit in die betekenis van sy gunsteling bedieningswoorde. “*Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars (Grieks: ‘diakonoï’) deur wie julle tot geloof gekom het ...*” (1 Kor 3:5).

Paulus voeg hierby ook “*doulos*”, 'n algemene huis-kneg of -slaaf. Paulus se keuse van terme is betekenisvol – hy kon maklik baie meer indrukwekkende titels vir homself gekies het! Hy was immers omring met “argoï”, “teloi”, “kurioi” en “*euergetai*” – wêreldse leiers van reputasie wat die mag- en geldspel van hierdie titels volkome verstaan en benut het!

Maar, waar sou Paulus dan aan sy vreemde leierskaptitels gekom het? Skynbaar van Jesus wat gesê het: “*So is dit ook met die Seun van die mens: Hy*

*het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien (diakoneo) ...*” (Matt 20:28). Waarom sê ons dat hierdie titels as 't ware, die “super-krag” van Pauliniese leiers is? Omdat dit 'n baie kragtige, transformerende *gesindheid* beskryf; 'n super-krag wat niemand kan beveg of bevraagteken nie. Die *ingesteldheid* van leiers bepaal immers alles wat hulle verder doen; van bid,

bespreek en beplan, tot kantoorkultuur, kwaliteitbeheer en konflikbestuur.

Leiers wat *dien*, bou 'n kragtige kultuur van diep vertroue, wetersydse respek, deursigtige integriteit en beginselvaste regverdigheid. Hulle word nie deur hulle innerlike idioot; hulle opgeblase ego, aangedryf nie, maar deur liefde. Christenleiers word ook nie gewoon *aangestel* in *posisies* nie, hulle word *geroep* tot *diens*.

*DIENS* is Pauliniese leiers se *super-krag*, omdat hulle *werklik* net die beste vir hulle werknemers en organisasies

wil hê – en, baie belangrik; almal om hulle *weet* dit; dit is sigbaar! Sulke leiers is altyd bewus van die feit dat hulle eerstens geroep is om *mense* te lei. Hulle bou verhoudings, skep gemeenskap, bou ander op, fasiliteer genesing, modelleer empatie, luister na ander en stimuleer transformasie. Ons leierskapdefinisie in die tweede artikel van hierdie reeks het ons daaraan herinner dat egte “*Pauliniese leiers dinge máák gebeur, op effektiewe wyse, deur hulpbronne, mense en konteks optimaal te sinkroniseer met God se doelwitte vir hulle.*” Hierby kan ons voeg, “*... terwyl hulle ander selfloos dien.*” Doelwitte word slegs bereik deur *mense*, en mense *kies* vandag nog steeds of hulle leiers gaan volg of nie. En, of werknemers werklik volg, is gewoonlik baie sigbaar in passie, positiewe en produktiwiteit. Lyk vir my daar steek tog 'n bietjie waarheid in die gedagte dat ons leiers *gewoonlik* die volgelinge het wat hulle verdien?

► *Dr Jurie Vermeulen is nasionale direkteur van FEBA Radio SA. Besoek [www.febaradio.co.za](http://www.febaradio.co.za) vir meer inligting.*



**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Moreleta 'wil stem oor die pad vorentoe'



Moreleta 'wil stem oor die pad vorentoe'

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Departement beveg 'fopnuus' oor plan



Departement beveg 'fopnuus' oor plan

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

'Huil saam met ons'



'Huil saam met ons'

Min middelgrond oor in kerk?

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

'Só 'n kerk tel nie koppe'



'Só 'n kerk tel nie koppe'

Dit blom in Nam!



Dit blom in Nam!

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Kerke in grendeltyd



Kerke in grendeltyd

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Samewerking in gesondheidsryd



Samewerking in gesondheidsryd

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Vlak 4 'bied geen uitkoms vir gemeentes nie'



Vlak 4 'bied geen uitkoms vir gemeentes nie'

Stilte voor die afsondering

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Te besig om moed te verloor



Te besig om moed te verloor

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

'Dis 'n opdrag van God'



'Dis 'n opdrag van God'

#Blacklivesmatter ... ook in Suid-Afrika

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Stemme saamgesnoer om psalm te laat opklink



Stemme saamgesnoer om psalm te laat opklink

Eredienste: Soet en suur van nuwe manier

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Name laat verhare herleef



Name laat verhare herleef

30

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

'Maak my aan die slaap, Here'



'Maak my aan die slaap, Here'

Life Bay View Private Hospital

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Geduliese vanuit die pain - bl 7



Geduliese vanuit die pain - bl 7

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Student sterf met droom net om die draai



Student sterf met droom net om die draai

Digiklesia!

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Twee sterf in 'n week



Twee sterf in 'n week

Kerke moet oopmaak

Die waarde van woede? - M 17

**KERKBODE**  
 WERKSTAD 2022  
 WERKSTAD 2022

# KERKBODE

Moderator of jammer aan 'troer' wat se he's verraal



Moderator of jammer aan 'troer' wat se he's verraal

Die waarde van woede? - M 17

# Le Roux Schoeman

## BRIEF AAN INTEKENAARS



### Geagte intekenaar

Die *Kerkbode*-span deel graag met jou 'n oorsig van 2020 en ons plan vir 2021 en maak staat op jou voortgesette ondersteuning van ons joernalistieke projek.

### 2020: Oorsig en pleidooi aan intekenaars

Hierdie is 'n asseblief-brief met 'n dankie-boodskap.

doelbewuste begrotingsproses wat hierdie moeilike tye sonder twyfel by soveel van ons oorblywende intekenaars noodsaak ten einde steeds 'n belegging te kan maak in ons kerkjoernalistieke projek. Want dit is presies wat jou intekening in hierdie stadium is. Ons het al heelwat in *Kerkbode* se blaai oop kaarte gespeel oor die tendense in die gedrukte media in Suid-

om volhoubaar te wees nie: Dit is nou op [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) en die gratis *Kerkbode*-apps vir Android- en Apple-fone. Ons digitale inkomstestrome is wel aan die toeneem deur aanlynadvertensieveldtogte, maar die geld wat gemeentes vir die papierkoerant betaal, is steeds die penwortel van ons projek. Jou subskripsie op *Kerkbode* "bedien" dus nie net

die dag – en verbeter daarop deur joernalistieke toewyding en vernuf op die voorgrond te probeer stel.

**Samewerking:** Ons uitgewer, Bybel-Media, is eweneens in 'n digitale transformasieproses. Van ons gaan dit verg om nader aan mekaar om die vuur te sit: *LiG* en *Kerkbode* se spanne gaan heelwat nouer saamwerk. Ons glo ons kan leer by mekaar en ook in die proses nuwe lesers vind en ons bestaande gehoor aan nuwe gehalte-inhoud bekendstel.

**Deursigtigheid:** Ons doel met skrywes soos hierdie en nog vele soortgelyke stukke op [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) is om duidelik te kommunikeer oor waar ons as kerkpublikasie ons bevind op ons eie volhoubaarheidsreis binne die groter kommunikasie-ekosisteem van die NG Kerk en Christen-media in die land. Hoe ons die afname in markhonger vir gedrukte produkte beleef en interpreteer en hoe dit ons benadering tot ons werk raak.

As 'n mens dit in geloofstaal moet stel, is ons toenemend platform-agnosties: Ons glo in ons stories, maar ons is onseker oor welke platform op die langtermyn ons met die meeste lesers gaan verbind. Ons vat dit stap vir stap en nooi jou saam op die reis.

Getal KB intekeninge	Prys per intekening per jr 2021	Prys per KB – 16 KB
1-10	468	29,26
11-20	390	24,39
21-50	225	14,09
51-100	189	11,83
100+	179	11,20
ENKEL JAARLIKS	480	29,98
ENKEL MAANDELIKS	60	

\*Sluit Namibië uit.

Ons is elke betalende *Kerkbode*-leser vanjaar selfs meer dank verskuldig as in gewone (pandemielose!) jare. Ek praat nou van jare waarin die rolpers heeljaar kan loop en waarin ons groot afsetpunt, eredienste, nie landwyd deur noodwetgewing ontwig word nie ... Dit was inderdaad 'n jaar waarin ons gewoon moes staatmaak op die vertrouwe wat lesers, gemeentes en ander kerkstrukture plaas in ons nuusinsameling én -verspreiding.

### *Kerkbode*: 'n Joernalistieke projek

Ja, daar was enkele gemeentes wat diep in die grendeltyd laat weet het hulle kan nie meer hulle intekening bekostig nie. Ons het begrip daarvoor. Trouens, dit beklemtoon vir ons die

Afrika. *Kerkbode* se gedrukte intekenaartal val al vir meer as 'n dekade. Ons sien nie 'n einde aan daardie tendens nie. Intendeel, ons sien, oor 'n paar jaar, die eindpunt van die gedrukte weergawe van *Kerkbode*. Intussen groei ons digitaal. Veral tydens die grendeltyd. Teen die einde van Oktober het die aantal kliks op *Kerkbode*-stories by 950 000 gestaan, gemeet sedert 1 Januarie. Is dit baie of min, mag jy vra? Dit is sowat 350 000 meer kliks as wat ons stories in die hele 2017 gekry het, as voorbeeld.

### Subskripsie as 'subsidie'

*Kerkbode* se sake storie en pleidooi aan intekenaars is dus eenvoudig: Ons groei goed waar ons nog nie genoeg geld maak

'n groep mense wat hou van ink op hulle vingers nie, maar ook die omvangryke en noodsaaklike digitale oorgang waarmee ons die afgelope jare by *Kerkbode* besig is.

### En nou vir 2021

**Fokus:** Uit die duisende digitale voetspore wat lesers se muise op [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) laat, weet ons wat gewild is: Lesers se opinies by Briewe. Die jongste skuiwe en geleentheid by Vakatures. Nadia Marais se kopstukke by Rubrieke en Dana Snyman se stories ... Asook die vele ander bydraes deur 'n uitgelese groep medewerkers wat alles doen van boeke resenseer tot doodsberigte skryf. Ons hou by daardie inhoudsresep – altyd in balans met die kerknuusagenda van

Vir enkel- of gemeentena-vrae, kontak Viona Ross by:  
Tel 021 864 8278  
E-pos: [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za)





Profiel: Schalk van Heerden

# ... en die brûe wat hy bou

JACO STRYDOM

“Ek is baie meer skaam om te sê ek is ’n dominee, as ’n kerkkantoortannie,” sê Schalk. “Dit is vir my die grootste embarrassment waarvan ek vir meer as twintig jaar probeer weglug het, en nou moet ek dit doen, en dis vir my ’n kruis wat ek moet opneem, want ek weet in wase boksies sit ek iemand as ek hoor hy sê hy is ’n dominee.”

Schalk van Heerden het vir tien jaar in Mosambiek gewoon. Terug in Suid-Afrika besluit hy om weer deel te word van ’n hoofstroomkerk. Die naaste NG Kerk aan sy nuwe woonplek in Randburg was Fontainebleau Gemeenskapskerk. Die gemeente het geadverteer vir “’n kerkkantoortannie”. Schalk het aansoek gedoen en die pos gekry.

“Ek het al baie snaakse goed in my lewe gedoen,” sê hy, “en dit is seker een van die moeilikste goed ooit!”

Schalk is gebore in die Vrystaat en het grootgeword in Natal. Sy pa was ’n boer. Na skool het hy teologie gaan swot en daarna ontwikkelingstudies.

“Ek was die enigste wit, Christen, Afrikaanssprekende man, wat vleis eet in die klas, ek was alles wat hulle gehaat het. Ek het eers besef hoe konserwatief ek is, toe ek saam met die rêrige liberals swot,” lag Schalk. Hy het later ’n dosent geword in ontwikkelingstudies.

Hy vertel hoe hy doelbewus homself dikwels in moeilike situasies sit. Deels omdat hy glo dat ’n mens groei op ongemaklike plekke wat jou uitdaag, maar ook omdat hy voel dat ons brugbouers moet wees.

Schalk het na sy studies vir amper tien jaar op ’n klein dorpie in Mosambiek gaan woon, waar hy op minder as R2 000 per maand geleef het.

In ’n onderhoud met die *Financial Times* sê hy: “I spent my gap year work-

ing on an agricultural project in Mozambique. Eventually I decided to go back there full time, leaving South Africa, where I’d grown up. I had very little money, and I slept in a tent for the first three weeks. Eventually, I made a friend in the town who gave me a room ... at the back of a butchery – it stank of rotting meat. At the lowest point, I had no money and even resorted to eating my toothpaste. My South African friends laughed at me.”

Roelf Meyer het Schalk op RSG hoor praat, hom gekontak en saam begin hulle toe FSSA (Action for a Safe South Africa), wat via sport betrokke is by jeug in die townships – en onder andere ook werk onder renosterstropers in die Kruger / Mosambiek-oorgrenspark.


Behalwe vir “kerkkantoortannie”, dominee en Schalk se betrokkenheid by FSSA, is hy aan die stuur van Betereinders.

“Ons is eintlik skaam oor hoe eenvoudig ons plan is,” verduidelik Schalk. Dit gaan oor “staan saam” – die verhoudingselement – en “werk saam” om aktief ’n verskil te maak. Suid-Afrikers moet eers inspring, mekaar leer ken en verstaan voor ons kan leer saamwerk. Armoedeverligting is ook ’n groot doelwit van Betereinders.

“’n Klomp slegte dinge broei uit as mense nie werk het nie,” sê hy.

Betereinders trek elke jaar op Verzoeningsdag ’n laer in die townships, en braai dan saam met die plaaslike mense. Sommer net om saam te kuier, maar ook om te wys hoe baie dinge al verander het van Bloedrivier se dae af, en om saam te droom oor ’n beter toekoms.

“Ons liefde van God en Jesus moet translate in die konteks van ons land en rasseverhoudings en geregtigheid, ek kan nie integriteit hê in ’n klein weggesteekte estate of babbel en sê dís my



Schalk van Heerden diep in gesprek met Jaco.

Foto verskaf

Christenskap nie,” sê hy.

Waarom is hy na al die jare terug in die NG Kerk?

Hy verduidelik dat ’n mens nie bloot jou passie kan uitleef nie, jy het ook ’n plig. Dinge wat jy eenvoudig moet doen. ’n Tipe roeping. Hy het grootgeword in die NG Kerk, maar het vir lank alle bande met hoofstroomkerke verbreek. Vandag is hy terug want hy glo dat jy nêr ’n brugbouer kan wees in hierdie land as jou voete aan beide kante van ons verdeelde samelewing gegrond is. Sy voete is lank reeds in die townships ... en die NG Kerk verteen-

woordig (steeds) die ekstreme ander kant.

Hoe gereeld raak jy moedeloos? vra ek.

“Drie maal per dag, elke liewe dag,” sê Schalk, “en ek praat van ’n diep diep moedeloosheid, ’n eksistensiële krisis tipe moedeloosheid. Hoe ek my lewe en my roeping die beste kan verwoord is: Jy is ’n Springbok en speel in Wellington teen die All Blacks, daar is tien minute oor, jy is 40 punte agter, jy weet jy gaan hierdie wedstryd verloor, maar jy moet steeds tackle, steeds aanhou seerkry al weet jy jy gaan nie wen nie.”

Schalk sê te veel mense wil uitreik en betrokke wees by liefdadigheid omdat hulle wil wen.

“Eers wanneer jy verstaan dat jy gaan verloor, kan jy die beauty daarin sien om aan te hou probeer.”

Daar is seker darem ook ’n klomp mooi stories wat hom hoop gee?

Schalk sê daar is, veral verhale van mense wat op die grond ’n verskil maak, maar die grootste motivering om ’n lig te probeer wees, is die duisternis, al die moeilikheid in ons land.

“Hoe meer moedeloos ons is, hoe harder moet ons werk,” sê hy. “Die bediende moet elke dag die toilet skoonmaak al hou die baas aan om daarin te poef, jy het nie ’n keuse nie, dis jou plig.”

Dit is hoe moeilik en eenvoudig die boodskap van die evangelie vir Schalk van Heerden is. Na ons gesprek dink ek: Suid-Afrika sou vandag ’n beter plek wees as meer dominees kerkwees soos hierdie ou verstaan het.

► Ds Jaco Strydom is predikant by die NG gemeente Villieria in Pretoria.

## Klein venstertjies op God



### Kan God?

Kan God? Kan God my uit hierdie gemors help? Uit hierdie penarie? Uit hierdie doodloopstraat?

Dit is die vrae waarmee die volk in ballingskap geworstel het. Kan God ons van hierdie verdrukking en slawerny bevry? Is God in staat om ons uit hierdie “dood” te haal? Hy het dan niks gedoen om te verhoed dat die Babiloniërs ons land verower nie. Is Hy bestand teen die gode van Babel? Is Hy regtig sterker en magtiger as die gode van Babel?

In Jesaja 40:12 besweer die Here die volk se twyfel en onsekerheid met skeppingsbeelde: “Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met ’n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met ’n skaal die berge en die heuwels geweeg?”

Kan God? Ja, Hy kan! Hy is die Onvergelyklike. Die Almagtige. Hy meet die seewater in sy hand af!

– Kobus Smit Photography  
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

# Bekendstelling: BibleProject in Afrikaans

FRANCOIS LAMPRECHT

Met 2,28 miljoen Youtube-intekenaars is BibleProject seker een van die grootste skeppers van aanlyn-Bybelmateriaal in die wêreld. Sedert die ontstaan van die organisasie in 2014 is hulle video's al byna 200 miljoen keer gekyk. Wat dryf hierdie kreatiewe groep teoloë en grafiese kunstenaars uit Portland, Oregon in Amerika? "Om gewone mense te help om die Bybel beter te verstaan," volgens Michael McDonald, direkteur van strategiese verhoudings vir BibleProject.


Terwyl derduisende Suid-Afrikaners alreeds hulle video's gesien het, is die organisasie besig om dit nog makliker te maak vir Afrikaanssprekendes om meer van die onderskeie boeke, spesifieke terme en belangrike temas van die Bybel te leer deur hulle grootste reeks, die Read Scripture-reeks, nou in Afrikaans vry te stel met nog van hulle reekse wat op pad is.

En dit is nie vertalings nie, maar eerder video's wat ten volle begroot is in die Afrikaanse konteks, volgens McDonald. Die video's kry nie net Afrikaanse onderskrifte nie, maar word geheel en al

in Afrikaans geskep met Afrikaanse teks, sprekers, teksverwysings en animasie wat vir die Afrikaanse kyker bekend sal wees. Om dit te doen werk hulle nou saam met 'n span Afrikaanssprekende vertalers en teoloë sowel as Suid-Afrikaanse animasie-ateljees om te verseker dat die hoë kwaliteit sowel as die inhoud van die video's getrou bly aan hulle visie: Om die Bybel as een groot storie wat na Jesus lei uit te beeld.

Hierdie is baie goeie nuus vir enigeen wat graag meer van die Bybel of 'n spesifieke boek of konsep daarin wil leer. Natuurlik is dit ook 'n aanwinst vir enige leier, predikant, mentor en kategeet wat soms wens daar is iets wat kan help om die Bybel meer verstaanbaar te maak. BibleProject se meer as 150 video's is almal gratis op Youtube beskikbaar.

Afrikaans is nie die enigste taal waarin hulle hulpbronne omgeskakel word nie – hulle is tans in die proses om dit in 60 verskillende tale beskikbaar te stel regoor die wêreld. 'n Proses waarvan die kostes gedra word deur mense wat opgewonde is oor die visie van BibleProject en dit finansiële moontlikheid maak vir hulle om alles wat hulle skep gratis



weg te gee.

Die doel, volgens McDonald, is om te dien. Die eerste van die video's is nou al beskikbaar op BibleProject se Afrikaanse YouTube-kanaal (<https://www.youtube.com/channel/UCPEGwiNrWnBDwe7lsoYCL4w>) en meer word elke week bygevoeg. Die uitnodiging is daar vir elke Afrikaanssprekende individu, groep of gemeente om dit te ge-

bruik om die Bybel meer toeganklik en verstaanbaar te maak. Baie van hierdie video's word reeds met groot sukses as aanvullende materiaal vir klein- en kategesegroepe gebruik en die Afrikaanse video's gaan dit nog meer gebruikersvriendelik maak.

► Ds Francois Lamprecht is predikant van die NG gemeente Pellissier in Bloemfontein.

## Saam maak bedienings verskil in Ravensmead, Uitsig

Arbeidsbediening Kaapstreek en die barmhartigheidsdiens Badisa Tygerberg het onlangs saamgespan om 25 pleegkinders met verrysingsvaardighede toe te rus.

Dié kinders, van Ravensmead en Uitsig in die noordelike stadsgebiede van Kaapstad, het die geleentheid gekry om die gewilde lewensvaardigheidsprogram BrightStar te voltooi.

Volgens René Pretorius, Badisa se bestuurder maatskaplike diensprogramme, het dié areas beperkte leierskap en hulpbronne en daarom is konstruktiewe, positiewe insette broodnodig. Die samewerking met Arbeidsbediening het juis dit vir hulle moontlik gemaak.

"Die entoesiasme waarmee die kinders die program tot dusver bygewoon het, is 'n teken dat ons jongmense honger is vir geleenthede om hulle te versterk. Daar is baie negatiewe ele-

mente wat wag om ons kosbare jeug op te raap en hulle lewe te verwoes. As julle vir ons jeug omgee, moet julle betyds by hierdie BrightStar-program inkoop. Ons hoop dat hierdie verbintenis tussen Arbeidsbediening en Badisa ook ander sal inspireer om betrokke te raak by die mense van Ravensmead en Uitsig."

Oor dié verbintenis sê Carin Brink, bestuurder van Arbeidsbediening Kaapstreek: "Mag ons nooit in silo's werk nie, maar mekaar se hande vat en meer gekombineerde netwerke en vennootskappe vestig."

Brink verduidelik verder: "Woord en daad of daad en Woord is onlosmaaklik deel van mekaar – wat eerste kom, maak nie saak nie – die punt is: Ons godsdiensoeskouing kan nie na binne gerig wees nie."

● Kontak Carin Brink vir meer inligting by [cbrink@kaapkerk.co.za](mailto:cbrink@kaapkerk.co.za)



Carin Brink (links) en René Pretorius sê hulle onlangse vennootskap om pleegkinders van Ravensmead en Uitsig op te hef getuig dat saam beter is.



Kerkbode groet 'mev Intekenaars'

## 'Nou gaan ek éérs God se handewerk beleef'

CONETTE LE ROUX

Jeanne van Niekerk, wat vir 15 jaar aan die hoof van Kerkbode se intekenaafdeling gestaan het, gaan nou na haar onlangse aftrede meer tyd hê om te doen waarvoor sy lief is – om Suid-Afrika te verken.

Maar, vertel Jeanne, wat reeds met vakansie op Tietiesbaai aan die Weskus is nadat sy die tuig sowat twee weke gelede neergelê het, sy gaan stééds NG gemeentes in nuwe dorpe opsoek.

"Om met 'n gemeente te 'praat' en te weet waar in die land hulle is, was altyd lekker. Om te sien hoe klein van die dorpe is laat my verstaan hoekom hulle nie altyd kon inteken nie," sê Jeanne.

Dit was juis tydens 'n kampvakansie by haar gunsteling-bestemming, Kgalagadi-Oorgrenspark, wat Jeanne 'n besondere intekenaar op die Noord-Kaapse dorpie Mier gaan opsoek het.

"Gertruida Snyder is oor die 90 jaar, nie 'n NG lidmaat nie, maar sy wil weet wat aangaan in die NG Kerk. Aan die begin het sy haar intekengeld kontant in 'n koevert geos. Ek het aan haar verduidelik dat dit nie meer betroubaar is nie. Daarna moes sy elke jaar 'n geleentheid Upington toe soek ('n afstand van meer as 300 km) om by die bank uit te kom vir 'n oor-

betaling. Die boodskap was altyd: Moenie ophou om my Kerkbode en LiG te stuur nie, asseblief, ek sál betaal. En sy het elke keer betaal, al het dit party jare lank geneem," lag Jeanne.

Die dag toe Jeanne Gertruida op Mier gaan opsoek het, was dit ongelukkig sonder sukses. Gertruida was op daardie stadium nie op haar tuisdorp nie.

Volgens Jeanne was daar ook baie ander intekenaars met wie sy gereeld gesprekke gehad het. "Kerkbode se intekenaars is mense wat lief is vir die kerk. Hulle wil weet wat gebeur in hulle kerk. Besluite wat geneem word is vir hulle baie belangrik. Hulle liefde vir die kerk hoor jy in gesprekke. Hoe hulle tevrede of ontevrede is oor besluite. Daar was lang telefoongesprekke, want hulle het baie om oor te gesels. Ek het nie altyd antwoorde gehad nie, maar ek het geduldig geluister."

Jeanne se gesprekke met die werknemers by die kerkkantore oor hulle intekening was vir haar baie spesiaal. Sy onthou: "Dit het baie keer op lang persoonlike gesprekke uitgeloop. Soms asof ons mekaar jare ken."

Maar vir nou wil Jeanne deur ons land, en sy buurlande, reis en die mooi ervaar. "Dit laat my net besef hoe gesënd ek is om die Here se handewerk te beleef en te sien."



## Hierdie lesse is nie net laf

*Diereplesiere* deur Stefaans Burden, illustrasies deur Johann P Venter

Uitgewer: Bybel-Media, 2020  
Resensente: Rethie van Niekerk en Peter van Niekerk

**D**iereplesiere is 'n plesierige reeks kinderstories met groot, kleurvolle illustrasies. Die illustrasies is volgepak met speelse detail wat kinders lekker kan bekyk en bewonder.

Elke prettige storie dra 'n morele lesse. Tussen die pret, plesier en hoog-drama deur, leer kinders dat ons verskil, maar dat elkeen kosbaar is. Daar is diere wat leer dat hulle nie hoef te verander om liefde te kry nie; diere wat raakgesien word, mekaar leer waardeer en ander leer respekteer. 'n Rugbywedstryd tussen die Bosveld Leeus en Kalahari Gemsbokke help die diere om te besef dat God almal verskillend gemaak het, met verskillende talente. Kinders kan selfs lees hoe olie-besoedeling pikkewyne se lewe versuur.

Manie Mol maak doef-doef musiek en leer almal die Manie-Mol-ruk-en-rol. Iewers in 'n vlei speel 'n liefdesverhaal af (en daar gee ek die einde weg!). Wanneer Mieke Meerkat met Ou Krokodil begin skoorsoek, weet jy hier kom moeilikheid.

Weggesteek tussen die pret-manewales wat jy van die diere kan verwag, is daar soms diep juwele. So leer ons byvoorbeeld dat dit goed is om baie vrae te hê, al is daar nie altyd antwoorde nie.

Ek (Rethie) is versot op kinderboeke en het 'n groot versameling, maar is natuurlik nie die teikenmark op wie hierdie boek gemik is nie. Daarom het ek my driejarige broerskind, Peter, gevra om ook die boek te resenseer. Sy kommentaar: "Ek hou baie van *Diereplesiere* se boek. Ek het vir Mamma gesê sy moet weer *Diereplesiere* lees." Ek skat die res van hierdie resensie is oorbodig.

Die boek kom met 'n gratis CD, wat *Kerkbode* nie onder oë/ore gehad het nie.

► *Ds Rethie van Niekerk is 'n predikant in Port Elizabeth en Peter van Niekerk is 'n storielifhebber van Sidvokodvo in eSwatini.*

## Gids help met pad na kansel en reis daarna

*Ons toekomsverhaal* deur Pieter J Visser

Uitgewer: Bybel-Media, 2020  
Resensente: Rethie van Niekerk

**O**ns wag nog dat 2020 behoorlik begin, dan trek ons al weer byna by Desember. Covid-19 ten spyte, wil ek my verstout om te raai dat dit nie die tradisionele "trou-seisoen" gaan stop nie. Dominees kan hulle gereedmaak hiervoor met Pieter Visser se baie handige, praktiese gids vir huweliksvoorbereiding.

*Ons toekomsverhaal* is uiters gebruikersvriendelik en kom selfs met tydingelings vir gesprekke. Die toeganklike materiaal vra die minimum voorbereiding van die begeleier. Daar is selfs aanvullende video's gratis beskikbaar. Bybel-

Media verkoop ook gesprekskaarte, wat lekker kreatief tydens hierdie sessies gebruik kan word (hoewel dit nog etlike ander gebruike ook het en 'n uitstekende aankoop vir enige predikant is). Verder is daar 'n werkboek vir elke paartjie, waarin hulle kan notas maak en selfs die liturgie kan beplan.

Visser gebruik die metafoer van 'n reis om voornemende egpare te laat dink oor hulle verhouding en hulle toekoms saam. Vanuit die beginsels van narratiewe terapie word daar gefokus op verhoudingswaardes. Elke paartjie word gehelp om hulle verhouding se waardes te identifiseer deur na hulle lewensverhale te kyk, hulle verhouding te eksternaliseer en stories van hulle verhouding te ontgin – deurlopend met behulp van kreatiewe oefeninge. Die

paartjie bly die kundiges oor hulle eie verhouding en word begelei om hulle eie stem – en die "stem" van hulle verhouding – te laat hoor. Die uniekheid van elke verhouding word erken, terwyl paartjies gehelp word om hulle sterkpunte uit te bou.

Hierdie praktiese gids kan met individuele paartjies of vir 'n groter groep gebruik word. Daar is selfs volledig uitgewerkte programme, met begroting en al! 'n Handige voorbeeld van die huweliksregister vergemaklik die administrasie. Dan is daar ook nog verskeie liturgiese idees en voorstelle, wat die prediker kan gebruik om die diens saam met die voornemende paartjie te beplan.

'n Uitsers toeganklike, sinvolle hulpbron vir predikante.

## Oor God se grootsheid ook in kleinste dinge

*God in die gewone – gewaarwording van dinge wat ons nie kan sien* deur Karen Swart

Uitgewer: Barnabas Uitgewers, 2020  
Resensente: Rethie van Niekerk

**“A**s mense godsdiens pleeg, is hulle altyd op soek na die asemrowende. Hulle wil snak na hulle asem en iets groter as groot erfar. Die waarheid, die sin van die lewe, die kennis van goed en kwaad moet altyd met luide tromme en trompetgeskalk aangekondig word. Dit kan nie net rustig na jou toe aan rimpel, oor jou spoel en jou net saggies amper on-

sigbaar daarvan deel maak nie.”

So skryf Karen Swart in *God in die gewone*. Hiermee verwoord sy haar frustrasie met wat sy dikwels tussen gelowiges beleef. Soos die titel van die boek sê, gaan sy met haar skrywes op 'n reis deur die lewe, soekend na God in die gewone, alledaagse dinge. Nie in die asemrowende asemnake-oomblikke nie, maar in die byna onsigbare ervarings van gewone mense in die gewone lewe. Sy beskryf wat sy deur haar lewenservaringe van God raakgesien en geleer het.

Byna enige iets kan onder haar pen 'n gelykenis word, selfs vlieënde kakkerlakke. Spesifiek haar vertellings oor

haar eie ervaring van kanker is verfrissend eerlik. Die skrywer se moed om haar emosie rondom slegte ervarings eerlik te verwoord, kan moontlik vir ander wat ook deur moeilike omstandighede gaan, bemoedig om eerlik te wees oor hulle emosies.

*God in die gewone* pas nie maklik in 'n tradisionele genre in nie. Dalk kan dit beskryf word as memoires, hoewel dit meestal lees soos 'n blog. Ander kere lees dit weer soos 'n dagboek wat die skrywer met haar vriende en familie deel. As jy lus is vir kuier met 'n vriendin wat onopgesmuk lekker stories oor haar lewe vertel, trek *God in die gewone* nader.

## Lekker boekgeskenk vir Kersseisoen

**I**n *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat sistematiese teologie doseer.

Twee van *Kerkbode* se gewildste stemme in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.

Nadia Marais vertel oor haar doel met haar rubriek: "Ek probeer elke keer in 'n positiewe trant skryf. My doktorsgraad het gegaan oor wat dit beteken om te floreer. Dus, wat die goeie nuus is, wat dit beteken om gelukkig te wees ... My bedoeling is om (in elke rubriek) te vra waar die *flour-*

*ishing* is."

Dana Snyman lag wanneer hy vertel dat hy weet sommige mense in literêre kringe mag hulle oë rol omdat hy deesdae vir *Kerkbode* skryf. Soos 'n musikant wie se loopbaan dalk 'n bietjie in die sand geloop het en nou bring hy skielik 'n gospelalbum uit, skerts Dana. "Maar ek steur my nie daaraan nie, want dit is nie die waarheid nie. Ek wil eintlik maar net stories vertel. Stories is groter as mense ... Jesus het stories vertel."

• Die boek verskyn middel-November. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) vir aanlynbestellings.



Profiel: Hannes Knoetze

# Millennials, die platteland en Afrika nuwe prof se fokus

Prof Hannes Knoetze is in September vanjaar as professor in Missiologie aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy wil met sy navorsing jongmense in Afrika bemagtig, berig JACOBIE M HELENA.

“Skuus, ek praat nou baie prakties,” maak Hannes Knoetze verskoning vir die feit dat hy tydens ons gesprek baie na praktiese voorbeelde verwys.

Maar is dit nie presies wat ’n mens van ’n teoloog met sy voete in die praktyk sou verwag nie? Dié dinamiese akademikus is onlangs aangestel as professor in Missiologie aan die Universiteit van Pretoria (UP). Vir hom is teologie nie net iets waaroor gepraat moet word nie, maar wat eerder gelêf moet word. In sy loopbaan het hy al op Rosendal in die Vrystaat, Daniëlskuil in die Noord-Kaap en by Noordwes-Universiteit (NWU) as predikant en dosent bedien.

Verbasend genoeg het Knoetze sy roeping om predikant te word in die “begravnissuur” van ’n Kerkregklas ontvang. “Dit was nog ’n Donderdag tydens die begravnissuur. Ek het in daardie kerkregklas ’n baie duidelike roeping gekry,” onthou hy die dag goed. Knoetze is na sy dienspoging in die NG gemeente Rosendal, ’n klein gemeente in die Vrystaat, bevestig. In hierdie tyd was hy ook verantwoordelik vir interkerklike eredienste vir die mense wat by die bouprojekte aan die Katsedam in Lesotho betrokke was.

Maar Knoetze vertel dat hy die meeste van interkerklikheid geleer het by die studente wat voor hom in die Missiologieklas by die NWU op die

Mahikeng-kampus gesit het. “Ek het by NWU ongelooflik baie by die Afrikane oor teologie geleer. Ek het daar, tydens 2015-2016 se studente-opstande, besef die teologiese opleiding wat ons aanbied gee nie die antwoorde wat Afrikane van die kerk en teologie vra nie,” vertel Knoetze.

Knoetze verduidelik dat hy uit die kontakssessies met die studente al hoe meer agtergekom het dat daar nie aandag aan die Afrika-millennials gegee word nie. “Millennials is die grootste mensegroep in Afrika. 60% van Afrika se bevolking is millennials en kinders en ons gee nie aan hulle aandag nie,” verduidelik hy. Knoetze vertel dat die millennials nêrens inspraak in die kerk of die politiek het nie, maar dat hulle eintlik die mense is wat kennis van tegnologie, soos selfone, het. En dit is juis dié leemte in studies oor millennials, teologie en kerk in Afrika wat hy in sy Missiologieklas wil aanspreek.

Nog ’n studietema wat Knoetze na aan die hart lê, is hoe om die spirituele wêreld in Afrika beter te verstaan. Hy vertel: “Afrika is ’n spirituele vasteland. In die Westerse wêreld het ons die hele ding van die spirituele negeer (vergeet). En in Afrika kan jy dit nie doen nie. Jy moet kennis neem van die spirituele wêreld en die Afrika-wêreldbeeld in ag neem wanneer jy teologie in Afrika



doen. Ons moet weer gaan sit en luister na Afrika voor ons met ons teologiese raamwerke kom,” het Knoetze passievol verduidelik. Hy benadruk dat gelowiges baie by die Afrikane oor ’n klomp goed kan leer omdat ons almal baie verskillende perspektiewe op geloof en God het. “Ons het mekaar nodig om beter perspektiewe te kry,” het Knoetze gesê.

Knoetze moedig aan dat daar baie meer interdisiplinêre en intradisiplinêre oor teologie en kerke gedink moet word. Hy gebruik die voorbeeld van die nie-regeringsorganisasie, Kgatelopele Social Development Forum, wat hy in sy tyd as predikant op Daniëlskuil in die Noord-Kaap, gestig het. “Ek het by die NGO geleer dat ons jongmense moet toerus. Ek het laasjaar ’n kursus saam met verpleegkundiges in Palliative Pastoral Care ontwikkel. Dit help mense wat home-based care doen om ook die pastorale vaardighede te hê om mense

wat sterf te begelei. Op hierdie stadium leer mense om pasiënte fisies te versorg, maar nie geestelik nie. Dit is belangrik dat ons hierdie goed bymekaar moet bring. En jong mense is bereid om hulleself te gee,” verduidelik Knoetze.

Knoetze vertel dat daar so baie jongmense, veral op die platteland, is wat enigiets sal doen om net ’n werk te kry. “Daar is ’n groot groep jongmense wat leergierig is en hulle kan ’n hele samelewing verander. Ons as kerk het ’n groot rol om te speel om geleenthede vir hulle meer toeganklik te maak. Partykeer is mense net so arm dat hulle nie taxi-geld het om na die volgende dorp vir ’n werksonderhoud te ry nie.”

Knoetze verduidelik verder: “Dit was vir my altyd interessant dat ek juis ’n bydrae kon lewer omdat ek van plattelandse gebiede af kom. Die punt is dat twee derdes van die NG Kerk se gemeentes op die platteland is alhoewel daar baie meer lidmate in die stede is. In die kerk het ons ’n goeie en sterk fokus op die stede, maar die nood is groot op die platteland.”

En Knoetze se droom vir Missiologie by UP?

“Die kerk het werklik gevorder met ekumeniese verhoudinge in die buiteland, maar nie in die binneland nie. Ek dink Missiologie is die kern van teologie. As ons nie missionaal in al ons vakdissiplines begin werk nie, mis ons die kern van die evangelie. Ek wil voortbou op die werk van my voorgangers en die fokus verskuif van instandhouding na ’n jonger generasie wat vir Suid-Afrika ’n groot verskil wil maak,” vertel Knoetze.

Soete klanke

## Koster bewimpel uitsaai-toring

Ry jy in Somerset-Oos in die Oos-Kaap in, word jy dalk net welkom geheet met die klanke van liedere soos “Amazing grace” of “I have a dream” wat deur oom Dougie Argyle, koster by die NG gemeente Somerset-Oos, kliphard op die dorp gespeel word. Argyle het net voor Kersfees in 2013 besluit om die gemeente se kerkoring met twee luidsprekers toe te rus en op te dollie om vrolikheid en vreugde in die somber Somerset-Oos te bring.

Argyle, wat al van 1965 af op Somerset-Oos woon, is die laaste jaar en ’n half die koster van Somerset-Oos gemeente, maar omdat hy gereeld in die kerkgebou gaan bid het, het hy ’n sleutel van die gebou en toegang tot die kerkoring gehad. Hy vertel: “In 2013, toe oudpresident

Nelson Mandela oorlede is, was daar ’n somber gevoel op die dorp. Boonop is ’n dierbare oom in hierdie tyd op sy plaas vermoor. Die dag voor Kersfees het ek besef ek sal ’n plan moet maak om weer vrolikheid op die dorp te bring. En dit is toe ek besluit om twee groot speakers in die kerkoring te sit en die musiek sommer hard in die dorp te speel!”

Hy vertel dat hy nie toestemming van die kerkraad gevra het nie, maar dat hy dankbaar is dat die dorp steeds na sewe jaar deur die musiek geïnspireer en verenig kan word. “Ek speel ’n verskeidenheid van liedere in Afrikaans, Engels, isiXhosa en selfs Russies. Ek glo in vereniging. As ons een God dien, hoe kan ons verdeel wees?” vra Argyle. – **Jacobie M Helena**



Di Dolf du Plooy, predikant by NG gemeente Stellenbosch-Sentraal, en Ankie du Plooy, PSD: Vrouebediening in die Wes-Kaap, is vriendelik verras toe hulle tydens hulle onlangse vakansie op Somerset-Oos stop en musiek, wat uit die kerkoring die hele dorp vul, hoor speel. In die video kan die musiek van oom Dougie Argyle, koster van die NG gemeente Somerset-Oos, gehoor word.

## VERSTAAN die Bybel

# Die wêreld agter die Nuwe Testament

MARIUS NEL

Die Nuwe Testament het nie in 'n vakuum ontstaan nie en daarom is dit nodig om te let op die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin dit geskryf is. In sy boek *Seven events that shaped the New Testament world* bespreek die Nuwe-Testamentikus Warren Carter die belangrikste van die gebeure.

Die eerste wat hy uitlig is die impak van Aleksander die Grote. Met sy dood in 323 vC was hy skaars 33 jaar oud maar het hy toe reeds die Persiese Ryk verslaan en 'n ryk van sy eie gevestig wat van Griekeland tot Indië gestrek

het. Drie eeue na sy dood het sy optrede steeds 'n direkte uitwerking op die eerste volgelinge van Jesus gehad. Só het dit bygedra tot die vermenging van die Griekse kultuur, taal en instellings met dié van die nasies van die Ooste met wie hulle in kontak gekom het.

Om dié rede skryf Jesus se volgelinge hulle geskrifte in Grieks en nie Hebreeus, die voorkeurtaal van die Ou Testament, nie. Hulle lees ook 'n Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament. Die geloof in Jesus versprei later ook van die een stad na die ander wat beïnvloed is deur die Grieke se inrigting

van hulle stede. So benut Paulus telkens die *agora*, die sentrale markplein vir goedere en idees, van meer as een Griekse stad en verwys hy na verskeie van die sportsoorte waarin die Griekse stadstate teen mekaar meegeding het (1 Kor 9:24-27).

Ondanks dié benutting van die Griekse taal en siviele instellings deur sy volgelinge, was Jesus egter geensins 'n nabootser van Aleksander die veroweraar nie. Terwyl talle maghebbers vir Aleksander die Grote as tiran en kryger as 'n rolmodel beskou het, het Jesus sy volgelinge geleer dat hulle juis nie soos die heersers

van die nasies oor hulle onderdane moet baaspeel nie. Diegene wat belangrik wou wees in sy koninkryk moes eerder almal se dienaar wees (Matt 20:25-27).

Die radikale aard van die nuwe weg wat Jesus bewandel het raak dus eers duidelik wanneer dit teen die templaats vir leierskap beskou word wat Aleksander vir die wêreld nagelaat het. Kennis van die gebeure wat na Aleksander die Grote se optrede herlei kan word help ons dus om die eiesoortige aard van die Christelike geloof beter te verstaan.

► Prof Marius Nel doseer *Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch*.

## TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

En van die belangrikste gevolge van die Rustenburgberaad wat in November 1990 plaasgevind het, was die NG Kerk se verbintenis tot versoening. Die belydenis oor apartheid het nie net die boeke van die verlede begin toemaak nie, dit het ook nuwe deure na die toekoms oopgemaak. Dertig jaar later is die NG Kerk se roeping om 'n konstruktiewe bydrae tot versoening op alle vlakke van die samelewing in Suid-Afrika te lewer, belangriker as ooit. Dit is immers 'n rol wat die kerk na Rustenburg in die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 met uitnemendheid vervul het.

Die eerste tree op die versoeningspad het kort na die Rustenburgberaad

gevolg toe Nelson Mandela die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie op 30 Mei 1991 ontmoet het. Tydens die ontmoeting het mnr Mandela die kerkleiers onder meer versoek om as tussengangers op te tree tussen Inkatha en die ANC in 'n poging om geweld tussen die partye te probeer keer. Die belang van hierdie ontmoeting en twee latere ontmoetings, is deur Mandela bevestig toe hy tydens sy toespraak voor die Algemene Sinode in 1994 spesifiek daarna verwys het.

'n Verdere belangrike tree wat die NG Kerk se erns oor versoening bevestig het, was die voorlegging wat ds Freek Swanepoel op 19 November 1997 in Oos-Londen op 'n spesiale geleentheid

vir kerke voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gemaak het. Ten spyte van weerstand en dreigemente uit eie geledere het Swanepoel vertel van die lang pad wat die NG Kerk moes stap om afskeid te neem van apartheid. Hy het egter nie net oor die verlede gepraat nie, maar dit duidelik gestel dat die NG Kerk 'n belangrike versoeningsrol in die toekoms wou speel.

In reaksie op Swanepoel se toespraak het aartsbiskop Demond Tutu gesê: "... U kerk het 'n geweldige belangrike rol in die geskiedenis van ons land te speel ... My gebed is dat die Here die NG Kerk op 'n wonderlike manier gaan gebruik ... Ek sê altyd as

'n Afrikaner eers die lig gesien het, draai hy nie halfpad om nie ... Ek het lus om vir die duiwel te sê: 'Pasop, hier kom die NG Kerk!'

In 'n land wat opnuut deur rasse-spanning, plaasmoorde en armoede op die randjie van die spreekwoordelike afgrond na chaos gekom het, is dit dringend nodig dat die NG Kerk opnuut besin oor haar versoeningsrol op alle vlakke van die samelewing. Miskien het die geskiedenis die NG Kerk voorberei om juis in 'n tyd soos hierdie 'n leidende rol te speel en om sodoende die spoke van die verlede finaal te verjaag.

► Prof Johan van der Merwe doseer *kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria*.

## GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Kort-kort kom meer rooi ligte aan oor die ekonomiese gevolge van die inperking. Kenners waarsku oor ekonomiese inkrimping, die minister van finansies wil salarisse vries en waarsku oor die fiskale ramp wat die land kan tref. Dit het ook 'n invloed op gemeentes. Alhoewel dit met sommige gemeentes se finansies baie goed gaan, klink dit of die meeste maar bekommerd is oor wat vir die kerk voorlê.

Watter effek sal dit hê op die bediening van die kerk? Hoe bly die werk van die kerk volhoubaar as ons begrotings moet besnoei?

In sulke tye moet ons onthou dat die ekonomie van die koninkryk van God anders werk as die ekonomie van 'n

land. Dit wil nie sê dat die kerk nie 'n besigheidskant het nie. Die wyse gebruik van geld was nog altyd deel van die kerk. Paulus skryf aan die gemeente in Filippi hoe dankbaar hy is dat hulle sy sendingwerk finansiële ondersteun. Die Here vertrou gemeentes met finansies en dit moet met wysheid bestuur word.

Aan die ander kant wys die geskiedenis dat minder geld hoegenaamd nie die groei van die kerk of 'n effektiewe bediening benadeel nie. Om Jesus te volg, vra in die eerste plek geloof, liefde, deernis en toewyding, nie geld nie. Hoe ons oor ons roeping dink wanneer die geld minder is, kan nogal 'n goeie toets wees.

- Gelowiges koop soms (dikwels?) persoonlike betrokkenheid af deur geld te gee vir projekte. Iemand anders doen die werk met geld wat jy gee terwyl jy met jou lewe kan aangaan.
- Dit toets of ons oë oop is vir geleenthede om God se liefde te deel. Om liefde te deel, kos niks. 'n Geloofsgewoonte wat jou hiermee help, is om elke aand, voor jy gaan slaap die "daaglikse examen" te doen. "Waar het ek vandag God se liefde ontvang? Waar het ek die geleentheid gehad om sy liefde te deel? Waar het ek die geleentheid gehad, maar dit nie gedoen nie?"
- Dit toets ook of ons geloofsonderskeidend leef. Dit gaan daaroor dat

ons in geloof onderskei waar en hoe God teenwoordig in die wêreld is, en hoe ons kan aansluit by wat ons God sien doen. As ons minder geld het, moet ons hierdie soort vrae met groter dringendheid vra: "Wat doen God? Hoe kan ons daarby aansluit?"

Die ekonomiese uitdagings van Covid-19 mag ons nie suinig maak nie. Vra eerder die vraag: "Hoe kan ek God se oorfloed uitdeel?" Wees versigtig en wys met geld, maar spandabelrig met liefde en omgee. Dan doen jy meer met minder.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

## Versoening kan die spoke van die verlede verjaag




# Die 2021 Jaarboek sal beskikbaar wees vanaf 15 Januarie 2021.

Plaas jou bestelling  
voor 15 Desember.

*Jaarboek van die NG Kerke* bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

*Jaarboek van die NG Kerke 2021* verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.



\* **Beperkte  
voorraad  
beskikbaar!**

## 2021 Jaarboek

**1-3 BOEKE: R365** elk

**4+ BOEKE: R345** elk

**CD: R285** elk

Let wel: Die CD kan NIE opgedateer of gekopieer word nie.

**BOEK EN CD: R435** per stel

**NG KERK BERGVILLE****Vakature: Deeltydse termynbepaalde pos****Gemeenteprofiel:**

NG Kerk Bergville is in die pragtige bergagtige platteland van Natal geleë met ongeveer 50 belydende en 11 dooplidmate. Die boerderygemeenskap vorm 'n integrale deel van die gemeente en gemeenskap.

**Leraarsprofiel:**

'n Gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat begrip en liefde toon vir 'n plattelandse gemeenskap se unieke behoeftes en omstandighede.

**Pligte:**

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Huisbesoek en jeugsorg is vir ons belangrik sowel as die bediening van buitekerklikes.
- Die kennis en gebruik van multimedia is 'n vereiste.

**Vergoeding en voordele:**

- R10 000 per maand.
- Pastorie met munisipale dienste, selfoontoelae asook brandstof vir besoekwerk.

**Aansoeke:**

Belangstellendes kan 'n kort CV (nie meer as vier bladsye) stuur aan [ngbergville@gwisa.com](mailto:ngbergville@gwisa.com)

**Sluitingsdatum: 5 Desember 2020. Diensaanvaarding:** Januarie 2021.

**Dienstermyn:** 1 Jaar met moontlike verlenging.

**Navrae:**

- Me Marcella Mouton (skriba) 082 855 8893
- Ds Willie van Zyl (brugleraar) 083 306 8448
- Ds Willie Pieters ( konsulent) 071 680 9249

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.*

**NG GEMEENTE KLERKSDORP-SUID****Vakature: Voltydse leraar in vastetermynpos**

Die kerkraad van Klerksdorp-Suid-gemeente maak in biddende afhanklikheid van die Here die vakature van voltydse leraar in 'n vastetermynpos van een (1) jaar bekend. Aansoek word ingewag van gelegitimeerde leraars, proponente en emeriti van die NG Kerk wat geroepe voel om in hierdie gemeente te kom dien.

Klerksdorp-Suid-gemeente is 'n marginale gemeente wat deel uitmaak van die Goudland Sinode, en is geleë in die suide van Klerksdorp met 194 besoekpunte, 308 belydende en 33 dooplidmate. Die lidmate se gemiddelde ouderdom is 60+ wat in die stad woonagtig is. Die gemeente het sterk interpersoonlike verhoudinge gebou dmv geestelike groei, samewerking met projekte en saam ontspan.

**Leraars, proponente en emeriti wat aansoek doen moet**

- 'n Lewende, persoonlike verhouding met die drie-enige God hê.
- Skrifgetroue en inspirerende prediker met 'n gemaklike preekstyl wat kinders tydens die erediens betrek.
- Met alle ouderdomsgroepe goeie interpersoonlike verhoudinge kan bou en handhaaf.
- Goed in 'n span kan werk.
- 'n Hart vir aktiewe bediening hê, met die doel om 'n verskil in mense se lewe te maak.
- Gemaklik wees met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate op alle lewens-terreine en lewensstadia.
- In staat wees om deur volwasse leierskap, gemeenteleiers te versterk en die gemeente daardeur verder geestelik te laat groei.

Die leraar sal verantwoordelik wees vir die nakoming van alle amppligte, soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die KOSH-streek van Sinode Goudland. As gevolg van die unieke omstandighede van hierdie gemeente, word 'n totale koste van indiensneming pakket van R180 000 per jaar aangebied. 'n Ruim pastorie met voorafbetaalde elektrisiteit deur die leraar is beskikbaar.

Voornemende aansoekers uit die NG Kerk word genooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente, sowel as 'n getuigskrif van die voorsitter van die kerkraad van die laaste twee gemeentes waar gediens, elektronies te stuur vir aandag:

**Die Voorsitter van die Dagbestuur:** [klerksdorp@suid@absamail.co.za](mailto:klerksdorp@suid@absamail.co.za)

**Sluitingsdatum: 27 November 2020.**

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, met inagneming van die suksesvolle aansoeker se persoonlike omstandighede.

**Rig navrae aan:**

- Marinda van Rensburg (Saakgelastigde) 018 462 3683 (08:00-13:00) (Ma- Wo en Vr)

*Die kerkraad hou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak nie uit die aansoek wat ontvang is.*

**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**

**Stuur Amptelike Nuus na Lida**  
Viljoen by [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)

**NG KERK**

**BEROEP:** Ds Rupert de Koning van Meerensee, Richardsbaai, na Montagu; ds Johan Orsmond van Somerset-Oos na Rivierson-derend; ds M van Niekerk van PE Somerstrand na Blouwaterbaai-Familiekerk.

**WES-KAAPLAND****RINGSITTING**

Die Ring van Swellendam se Ringsitting het plaasgevind te Robertson Moedergemeente op 8 November 2020. (Elsabé Wright, 20.10.20).

**KWAZULU-NATAL****BEVESTIGING**

Ds Annatjie Steyn word op 8

November in die NG gem Pie-termaritzburg-Noord bevestig. (Elizma Roselt, Saak, 02.11.2020).

**OOSTELIKE SINODE****BEVESTIGING**

Prop Gerhard Jakobus Green het die beroep na Amersfoort NG gemeente aanvaar. Hy word op 15 November 2020 bevestig in die gemeente. (Elize Coetzer, Skriba, 20.10.20).

**Die volgende uitgawe van Kerkbode verskyn op 27 November.****NG GEMEENTE VRYHEID (DOLEREND)****VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS**

*In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad hierdie pos bekend vir aansoek.*

**GEMEENTEPROFIEL:**

Die NG gemeente Vryheid is 'n plattelandse gemeente in Noord-KwaZulu-Natal. Die NG gemeente Vryheid is een van twee NG gemeentes in Vryheid. Die gemeente het sy ontstaan daaruit gehad dat die Moedergemeente en Vryheid-Wes-gemeente op 17 November 2019 saamgesmelt het. Die twee voormelde voormalige gemeentes is onderskeidelik in 1886 en 1971 gestig. Die gemeente bestaan uit 664 belydende en 127 dooplidmate. Die gemeente is verdeel in 52 wyke waarvan daar 45 dorpswyke asook sewe plaaswyke is. Daar is ook twee aftree-oorde in die gemeente. Vryheid het drie hoërskole en drie laerskole waarvan daar een hoërskool en een laerskool is wat onderrig uitsluitlik in Afrikaans aanbied. Aansoekers moet dit in gedagte hou dat die NG gemeente Vryheid 'n dolerende gemeente is.

Die meerderheid belydende lidmate is bo die ouderdom van 50 jaar. Ons behoefte is egter dat alle ouderdomme ewe entoesiasies bedien moet word en in die lig daarvan dat die saamgesmelte gemeente 'n nuwe gemeente is, is die gemeente oop vir vernuwing en missionale groei.

Die NG gemeente Vryheid onderskryf die drie algemene belydenisse asook die drie Gereformeerde belydenisse omdat dit met die Woord ooreenstem.

**LERAARSPROFIEL:**

Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik:

1. Iemand vir wie Skrifgetroue Bybelse lering voorop staan asook die suiwer Gereformeerde leer soos verwoord in ons ses belydenisskrifte.
2. Iemand se liefde vir mense en diensbaarheid en getroue pastorale besoeke (huisbesoek) gestalte vind.
3. Passievol oor die erediens en aanbidding daarvan.
4. Pastorale versorging is baie belangrik.
5. Beskik oor leiereienskappe om die gemeente in alle fasette (erediens, kategese, Bybelstudie, gemeente-aktiwiteite (basaar, bedieninge) te laat groei.
6. Beskik oor samewerkingsvermoë ten einde groei te bewerkstellig in die gemeente, gemeenskap asook ring.
7. Sigbaar wees binne die gemeente.
8. Daar moet in beide tradisionele en gesinsdienste die Woord verkondig word met in-noverende denke, maar steeds met respek vir tradisie.
9. Moet kan leiding gee en ook bereid wees om deel van 'n bestuurspan te wees.
10. Die amppligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

**VERGOEDINGSPAKKET:** Volgens sinodale riglyne. 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

**AANSOEKE:**

'n Volledige CV met die name en kontakbesonderhede van drie referente moet tesame met 'n vraelys, wat by die kerkkantoor aangevra moet word, gestuur word aan die gemeente. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en moontlike preekbeurt.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 30 NOVEMBER 2020.**

Diensaanvaardingsdatum: 1 Maart 2021 of so gou moontlik daarna.

**STUUR AANSOEKE NA:**

Pos adres: NG gemeente Vryheid, Utrechtstraat, Vryheid 3100  
E-pos: [admin@vryheidklipkerk.co.za](mailto:admin@vryheidklipkerk.co.za)  
Tel: 034 982 2862

**NAVRAE:**

1. Ds Ferdinand van Niekerk – 082 897 2515.
2. Jannie Jordaan – 082 807 8920.
3. Chris Snyman – 083 653 8641.
4. Christine Grobler – 034 982 2862 (kerkkantoor).

*Die kerkraad behou hom die reg voor om geen beroep uit te bring nie.*

## AKKOMMODASIE

## BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, 084 400 2693. hanlidevilliers@webmail.co.za

**JOHANNESBURG:** Verhuur jou huis in die Kaap en kom geniet Linden se sjampanjeweer, 3 slaapk, 2 badk, onderdakparkering, DSTV. Charlotte – 082 406 2521, gawieg2@gmail.com

## TE KOOP

**DANABAAL:** Troshuis te koop. Ideale belegging vir 'n groot familie of paar vriende. Huis bestaan uit vier volledig toegeruste 1 slaapkamerwoonstelle wat ingerig is vir 4-5 persone. Oppervlakte per woonstel is ± 62 vkm. Totale oppervlakte van huis is 411 vkm. Prys: R3 500 000 (ona). Kontak Lienkie Els 082 857 5016.

**PRETORIA:** Aftree-oord huis te koop. 3 slaapkamer, 2 badkamer, 1 garage in gewilde aftreelandgoed in ooste van Pretoria. Versorgingseenheid, kombuis, ens. Prys R1 995 000. Skakel Dalene 082 770 8560.

VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE

**MARGATE/MANABASTRAND:** Ithaca woonstelle – stapafstand van Lucien- en Margate-strande. Oopplan woonstel – slaap 4 (2 volw en 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba-spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.

**HERMANUS:** Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parkering. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

**JEFFREYSBAAI:** SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

REEBOK/TERGNIET  
(MOSSELBAAI)

**2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.**

**ST LUCIA:** Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorgmeentehuis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geld tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@iafrica.com

**STRAND:** Ruim selfsorg "bachelors"-woonstel. Oopplan 2 of 3 persone. 10 min se stap van die see. Skakel Frikkie by 082 462 0738 of e-pos vanzyfrikkie3@gmail.com

**UVONGO:** Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

**WILDERNIS:** ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoonstel met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beaty 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

**Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:  
Sel: 072 357 8914.  
E-pos: woes@mweb.co.za**

## NG KERK GRAAFWATER

## Voltydse vastetermynpos vir drie jaar

*Die kerkraad van die NG Kerk Graafwater stel die vakature bekend nadat biddend en versigtig oorweeg is wat in die beste belang van die versorging en uitbou van die gemeente is en wat volgens die finansies haalbaar is.*

## GEMEENTEPROFIEL:

Graafwater is 'n plattelandse gemeente in die Sandveld (Weskus, 30 km vanaf Lambertsbaai). Daar is 'n goeie verspreiding van lidmate oor die hele ouderdomspektrum met die meerderheid seniors.

## LERAARSPROFIEL:

Die nakom van alle ampspligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde. Ons nooi graag iemand wat vir al ons lidmate 'n herder en leraar sal wees en geroepe wil om ons met deernis en liefde te inspireer tot ware dissipelskap sodat ons in alles God se wil sal soek, ken en doen.

**VERGOEDING:** Sal onderhandel word binne sinodale riglyne. Ruim pastorie beskikbaar.

## AANSOEKE:

Belangstellendes word uitgenooi om 'n volledige CV asook kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan die skriba by: ngkgraaf@gmail.com  
Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

**SLUITINGSdatum:** 20 November 2020.

## NAVRAE:

Henriëtte Engelbrecht, skriba: Maandag, Woensdag en Vrydag 08:00-13:00 (027 470 0076)  
Hannelie Engelbrecht, 084 508 1801  
Ds Andriaan Haasbroek, Lambertsbaai (konsulent) 027 432 1021

**DIENSAANVAARDING:** 15 Januarie 2021.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.*



## NG KERK MIDDELBURG-KAROO

VAKATURE: Leraarspos  
(Onbepaalde termyn)

**Gemeenteprofiel:** Middelburg-Karoo is 'n plattelandse gemeente in die Oos-Kaap met sowat 470 belydende en 80 dooplidmate ingedeel in 14 dorps- en vyf plaaswyke. Die dorp beskik oor 'n hoër- en laerskool, sowel as 'n landboukollege. Sien [www.ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkprofiel.docx](http://www.ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkprofiel.docx) vir 'n meer volledige profiel.

**Leraarprofiel:** Die leraar is 'n entrepreneur en implementeer 'n groei-strategie vir die gemeente, wat insluit: onaktiewe lidmate, geestelike groei, nuwe geloofsgemeenskap oor huidige gemeentegrense, die insluit van jongmense en skoolkinders en die bediening aan seniors; 'n goeie luisteraar met 'n fasiliterende styl van leierskap wat lidmate mobiliseer, bemagtig en verenig om hulle gawes in die bediening van die gemeente uit te leef. Netwerkvorming met rolspelers in die gemeenskap is 'n prioriteit.

**Pligte:** Basiese leraarspligte soos ooreengekom met die gemeenteraad.

**Vergoeding en voordele:** Volgens die traktement van die NG Kerk. Ruim pastorie met dienste, kommunikasietoelaag en voertuig vir gemeentewerk word voorsien.

**Aansoek:** Rig aan die gemeenteraad by ngkerkkaroo@gmail.com (Cc: wjolvier71@gmail.com). Die CV (nie langer as vier bladsye is nie) moet vergesel wees van die voltooid vraelys by [www.ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkvraelys.docx](http://www.ngkok.co.za/gemeentes/mk/mkvraelys.docx)  
Kandidate op die kortlys moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt indien die gemeenteraad dit so vereis.

**Sluitingsdatum:** Maandag 14 Desember 2020 om 16:00.

**Diensaanvaarding:** 1 Februarie 2021.

**Navrae:** Dr Wilem Olivier: wjolvier71@gmail.com / 083 702 5218  
Attie Westraad: attie@agnet.co.za / 071 606 5625

*Die gemeenteraad behou die reg voor om nie noodwendig die pos uit enige van die aansoekers of genomineerdes te vul nie.*

NG GEMEENTE OUDTSHOORN-PARK  
(Dolerend)

## VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

*In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad hierdie pos bekend vir aansoek.*

## GEMEENTEPROFIEL:

Die NG gemeente Oudtshoorn-Park is een van ses NG gemeentes in Oudtshoorn. Die gemeente is in 1982 gestig. Die gemeente bestaan uit ongeveer 550 belydende en 120 dooplidmate. Die gemeente is verdeel in 20 dorpswyke, 'n plaaswyk en ook twee af-treestoorte in die gemeente. Oudtshoorn is geseënd met goeie laer- en hoërskole. Oudtshoorn-Park se visie is: "Bou sy koninkryk".

Aansoekers moet dit in gedagte hou dat Oudtshoorn-Park 'n dolerende gemeente is.

## LERAARSPROFIEL:

Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik:

- Iemand wat die Here liefhet en 'n roeping het om in sy diens te staan.
- Iemand vir wie Skrifgetroue Bybelse lering vooropstaan (ook die suiwer Gereformeerde leer).
- Iemand wie se liefde vir mense in diensbaarheid en getroue pastorale besoeke (huisbesoek) gestalte vind.
- Iemand wat 'n passie het vir die Here se groot opdrag.
- Iemand wat die breë gemeenskap tot seën wil wees.
- Die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde.

## VERGOEDINGSPAKKET:

Volgens sinodale riglyne. 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

## AANSOEKE:

'n Volledige CV van ongeveer drie bladsye (met die name en kontakbesonderhede van drie referente).

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en moontlike preekbeurt.

**Sluitingsdatum vir aansoek:** 20 November 2020.

**Datum van diensaanvaarding:** DV 1 April 2021.

## Stuur aansoek na:

NG Oudtshoorn-Park, Buitekantstraat 200, Oudtshoorn 6620  
E-pos: ngpark@cybersmart.co.za

## NAVRAE:

Johan Myburgh – 082 498 2259.  
Andre Retief – 044 272 8295.  
Kobus Nel – 044 272 4663.

*Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.*

# Dana op reis

Dana Snyman

Foto: Adrian de Kock



## Trump: Middernaggedagtes

**4** November. Dis net ná drie in die oggend. Kan nie slaap nie. Oor die TV word die eerste uitslae van die Amerikaanse presidentsverkieping aangekondig: President Trump loop voor.

Ek wil nie hê hy moet weer wen nie. Nie dat Joe Biden, sy teenstander, 'n mens juis opgewonde maak nie. Ek wonder maar wat soveel ander mense wonder: In Amerika woon rofweg 328 miljoen mense, kan dit die bekwaamste twee leiers in dié land wees?

Aan die ander kant: Ons is meer as 50 miljoen mense in Suid-Afrika en, wel ... Miskien was oorlede Ma reg. Sy het dikwels uit die Psalmboek aangehaal wanneer ons oor die politiek gesels het: "Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind ..."

Eintlik behoort ek die TV af te skakel en te gaan slaap. Beïnvloed wat in Amerika gebeur ons hier in Suid-Afrika regtig soveel?

Trump het hom al op Twitter uitgespreek teen die plaasmoorde hier by ons, wat party mense laat glo hy het 'n sagte plekkie vir ons Afrikaners in sy hart.

Sedert hy in 2017 president geword het, het hy al meer as twintigduisend twiëts afgevuur oor enigiets van bofbal tot die oorlog in Sirië. President Trump is beslis nie lui nie. Ek wonder hoeveel uur per nag slaap hy. Hy drink glo tot twaalf blikkies Diet Coke per dag. Op 'n warm dag kan ek net so drie of vier blikkies Coke Lite drink.

Ek dink aan allerhande banale dinge wanneer ek aan president Trump dink, sonder dat ek dit regtig wil dink. Ek wonder oor sy hare. Hy kan nie gou voor 'n spieël gaan staan, 'n kam uit sy baadjie se binnesak haal, dit deur sy kuif trek, en dan is als weer reg hier bo nie. Die man het weerbarstige hare.

Dit kan nie lekker wees nie: Hier

moet jy die wêreld se media te woord staan oor 'n missielkrisis in Noord-Korea, maar eers moet 'n assistent gou met 'n borsel en haarsproei kom om jou dos waterpas te maak. En moontlik gebeur dit só.

Ek voel 'n bietjie skuldig omdat ek sulke simpel dinge oor die president van die magtigste land in die wêreld dink. Hy is 'n Christen en gaan soms kerk toe. Hy is lief vir sy vrou en kinders, en hulle vir hom. Hy was 'n baie-baie suksesvolle sakeman, al was hy 'n keer bankrot ook, en is hierdie mev Trump sy derde vrou.

Miskien is dit omdat meneer Trump eers ook die aanbieder van die werklikheidsreeks, *The Apprentice*, op TV was voor hy die president van Amerika geword het. Dit maak dit moeilik om slegs waardige, presidensiële gedagtes oor hom te hê.

Ek wonder hoe dit moet wees om vir hom in die Withuis te werk. Hy dank maklik mense af. Dit het jy al in die TV-reeks gesien. Hy sê net: "You're fired," en daar gaan jy.

Miskien is hy soos die baas wat ek op 'n kol gehad het. Dra hy die dag 'n rooi das, sê almal op kantoor: "Oooeee, vandag moet ons pasop, Meneer dra sy rooi das."

Daardie man, ons baas, se buie het jou daaglikse gemoedstemming bepaal. Is hy die dag opgewek, is ons ook vrolik. Is hy knorrig, is ons stiller as gewoonlik en onseker van onself. Jy het altyd probeer om hom tevrede te stel, al het jy niks van hom gehou nie. Jy het vir sy simpel grappies gelag. Jy was kruiperig by hom, reg meneer, goed meneer, ek maak so meneer; en ná die tyd wonder jy: Hoekom doen ek dit? Hierdie is 'n buffelagtige man wat soveel mense sielsongelukkig maak, ook vir my.

Of dalk is Trump nie só 'n baas nie. Hy speel graag gholff en hou van Frank

Sinatra se liedjies. Sy pa was glo 'n baie kwaai man. Sy ouer broer het homself glo eintlik maar doodgedrink. Dit is glo vir Trump 'n hartseer saak. Ek kan my dit indink.

Ek probeer president Trump vir myself op allerhande maniere vermenslik, maar ek weet net soveel as die meeste ander mense van hom af. Ek probeer moedig om hom nie te veroordeel nie. Jy lees oor hom of hou hom op die TV dop, en dink jy weet alles van hom af. Hy rook nie, en drink glo niks sterker as Diet Coke nie. Dis baie meer as wat ek kan sê.

Om president van Amerika te wees, is – om dit liggies te stel – 'n baie verantwoordelike werk. 'n Mens kan jou dit nie indink nie. Jy het letterlik die ver-

moë om die hele wêreld te vernietig.

Sommige mense sê dit sal baie beter vir die Christendom wees as Trump die president van Amerika bly.

In my kop het ek al 'n lys gemaak van die waardes wat Jesus uitgeleef het: Vergewe jou vyande, draai die ander wang, moenie geldgierig wees nie, ontferm jou oor die swakkes en die verdruktes. Hê lief. Hê lief. En dan kyk ek na president Trump en hoe hy dinge doen, en wonder, en wonder.

Dit is steeds 4 November. Die son is besig om op te kom, die TV is steeds aan, en ek kan steeds nie slaap nie.

Trump is steeds voor, en iewers hoor ek Ma se stem: "Moet op prinse nie vertrou nie ..."



Foto: Unsplash

Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid. Presies soos ons eie.

www.krugerinternasional.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasional.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE